BOERERATE & VERBRUIKERS-WENKE

Afdroogdoeke **1**
Asyn **1**
Bak en Brou **2**
Brood: 2
Eiers 3
Groente: 3
Aartappels 3
Beet 3
Blomkool 3
Knoffel 3
Pampoen 3
Patats 3
Radyse 4
Tamaties 4
Slaaikoppe 4
Uie 4
Koffie 4
Kookolie 4
Kastrol 4
Maaskaas 4
Noedels 4
Room 4
Roomys 4
Sout 4
Verwyder Aanpaksels 4
Ketel 5
Vis 5
Vleis 5
Vrugte: 5
Appels: 5
Druiwe 5
Pere: 5
Piesangs 5
Pynappel 5
Suurlemoen 6
Vrugtevlekke 6
Besemstok **6**
Bleikmiddel **6**
Blomme & Tuinmaak **6**
Angeliere 6

Insekdoder vir tuin 6
Kunsblomme 6
Roes op plante 6
Rose 6
Varings 6
Varshou 7
Brakwater 7
Bril 7
Bysteek 7
Boeke 7
Boor 7
CD's 7
Coke 7
Elektrisiteits & -besparing 7
Stoof 7
Verwarmer 8
Etikette, plakkers (Stickers) 8
Foto 8
Geskenkpapier: 8
Glasbottels 8
Glase 8
Gloeilampe 9
Grondboontjiebotter 9
Gom 9
Haarversorging 9
Hakskene 9
Handdoeke 9
Handskoene 9
Houtvloere 9
Krakende vloere & deure 10
Insekte & peste 10
Borsluise & vlooie 10
Kakkerlakke 10
Krieke 11
Miere 11
Miet 11
Motte 11
Molle 11
Muise 12
Muskiete 12
Slakke 12
Termiete 12
Vlieë 12
Vlermuise 12
Vismotte 12
Juwele 13
Kaggel 13
Kerse 13
Klammigheid 13
Klere 13
Koper 14
Koorsblare 14
Kougom 14
Leer ("Ladder") 14
Matte 14
Messe 15

Meubels **15**
Leersitkamerstelle 15
Meubel politoer: 15
Hout 15
Ivoor 15
Rakke 15
Rotangstoele 16
Motorvoertuig **16**
Mikrogolfoond **16**
Muf **16**
Muurpapier **16**
Naels & naellak **16**
Noodhulp **17**
Bloeiende snywonde: 17
Brandwonde: 17
Rou wonde: 17
Neus - bloei 17
Sooibrand & Maagsere 17
Spiere wat seer is 17
Swelling 17
Wintershande en voete 17
Oond **18**
Plastiektafeldoek **18**
Plastiekware (Tupperware) **18**
Porselein borde **18**
Pos van pakkies **18**
Rekkies **18**
Reuke **18**
Mikrogolfoond 19
Sigarette 19
Urinereuke - Honde en katte 19
Verf 19
Yskasreuke 19
Vullisdromme 19
Roes **19**
Skaniere **20**
Skêre **20**
Skoene **20**
Skottelgoed **20**
Skroefdoppe **21**
Slotte **21**
Stoof **21**
Spieëls **21**
Spykers **21**
Teëls **21**
Troeteldiere **21**
Veiligheid - algemeen **22**
Supermarkveiligheid 22
Straatveiligheid: 22
Vervoerveiligheid: 22
Vensters **22**
Verf **22**
Vinke **23**
Vlekke **23**
Baddens 23
Beet 23

Bier 23
Bloed 23
Braaipan 23
Brasso 23
Gras 24
Ink 24
Klere 24
Kraag 24
Kryt 24
Koper 24
Koppies 24
Kougom 24
Linne 24
Lipstiffie 25
Marmervlekke 25
Matte 25
Olie & Vetkolle 25
Plafonne 25
Roes 25
Sigarette 25
Strykyster 25
Tee 25
Teer 25
Toilet 26
Vlekvryestaal 26
Vrugtevlekke 26
Water 26
Wyn 26
Vrieskaste 26
Vullisblik 26
Vuurmaak 26
Warmwatersak 27
Warmfles 27
Watte 27
Wyn 27
Waar kom die wenke vandaan? 27

BOERERATE & VERBRUIKERS-WENKE

Afdroogdoeke

- Hou afdroogdoeke sag deur hulle onder koue water uit te spoel met ‘n knippie Engelse sout by.

Asyn

- Voeg ‘n bietjie asyn of suurlemoensap of witwyn by pannekoekdeeg om te verhoed dat dit taai word.
- Gooi ‘n bietjie asyn of suiker by uie wat gesmoor word. Dit sal ‘n lieflike ligbruin kleur en ‘n aangename geur aan die uie verleen.
- ‘n Lepel asyn in die water wanneer jy ‘n eier posjeer keer dat die wit versprei.
- Voeg bietjie asyn by die water as jy eiers kook. Dit keer dat die eiers bars.
- ‘n Bietjie asyn in die olie verhoud dat vleis wat in krummels gerol is gou vasbrand in die pan.
- Die vel van tong sal maklik aftrek indien daar asyn by die water gegooi word as die gekook word.
- Gooi bietjie asyn by olie waarin vis gebraai word. Die vis absorbeer minder olie.
- Gooi suurlemoensap/asyn by vleis om dit sag te maak.
- Verwyder visreuk van eetgerei deur dit in asynwater af te spoel.
- Asyn of suurlemoen en koeksoda werk beter as handy-andi.
- Asyn en koeksoda maak vir ‘n baie goeie disinfectant.
- Asyn en warm water kan ontslae raak van ‘n mierplaag!
- Voordat ‘n nuwe pan gebruik word, kook ‘n bietjie skoon asyn vir ‘n paar minute daarin. Sal ook voorkom dat vasbrand.
- Vul met helfte wit asyn en helfte water. Stoom die strykyster tot die tenk skoon is. Hervul met skoon water en stoom weer die tenk leeg.
- Citrus Soda en asyn maak ‘n aangebrande pot sommer vinnig skoon!
- Vul nuwe ketel met helfte wit asyn en helfte water. Kook en laat oornag staan. Spoel die volgende dag uit met skoon water.
- Aanpaksels aan ‘n ketel se element kan verwyder word deur te kook met asyn
- Maak jou eie bleikmiddel met koeksoda en asyn.
- Om glans terug te bring in kristalglase – gooi ‘n paar druppels ammonia in die was water en spoel af in asyn water.
- Handdoeke wat hard uit die was kom - veral in brak water. Was jou handdoeke in warm water met seep en gooi ongeveer ‘n handvol sout by (Los die sout op in die water). Moet nie versagter gebruik nie. Spoel die seep goed uit. Spoel weer maar gooi so 2-3 eetlepels ammoniak of wit asyn in die laaste uitspoelwater.
- Neem houertjies en gooi doodgewone asyn daarin, as dit kan hoe sterker die asyn hoe beter [met ander woorde die % asyn wat op die bottle staan] plaas dit nou oral rond, in die somermaande plaas ek ‘n bakkie voor die waaier en dit vul die vertrek totaal.
- Vir lastige vlieë, gooi gewone asyn wat mens in kos gooi in klein bakkies of deksels en plaas dit op onooglike plekke bv bo-op yskas ens. Die suur reuk jaag die vlieë weg, al nadeel is dat dit vinnig verdamp (na 3 dae) maar bly nog steeds goedkoper as enige gifstowwe.
- Maak juweliersware skoon deur dit oornag te week in ‘n mengsel van koeksoda en asyn. Indien nodig, skrop liggies met ‘n ou tandeborsel. Dit verwyder alle vuilighede sonder om die stene, goud of silver te beskadig.
  Moenie perels oornag week nie - net vir sowat ‘n uur.
- Hou jou wit klere wit deur dit in 5 liter water en 1 koppie asyn te week.
- Vryf koper blink met sout en asyn/suurlemoenmengsel
- Gebruik een deel asyn met twee dele gekookte lyn-olie. Die mengsel moet goed geskud word. Smeer dan aan soos meubel politoer en poleer na die tyd.
- Meng asyn en suurlemoen olie om die helfte aan en gooi in ‘n spuitbottel vir jou meubels.
- Vuil mikrogolf oond - Verhit ‘n 1/2 koppie asyn in die mikrogolf (nie nodig om te kook nie). Die asyn maak al die vetterigheid los. Vee mikrogolf met sagte lap uit.
- ‘n Paar bakkies vol asyn in die vertrek keer ook dat die rook intrek in meubels.
- Skrop muwwerige panne wat roes skoon met asyn en laat droog word in die son.
- Klein geroeste artikels kan ´n paar dae in asyn gelê word om die roes te verwyder.
- ´n Paar druppels asyn by skoenpolitoer wat hard geword het maak dit weer sag.
- Maak jou stoof skoon met ‘n mengsel van sout en asyn.
- Maak ´n ou kous klam met 25ml asyn en 20ml lou water en vryf spieëls blink daarmee.
- Voeg twee eetlepels asyn by die water vir silwerskoon vensters.
- ´n Verfkwas met harde hare kan ½ uur lank geprut word in kokende asyn en agterna gewas word met skottelgoedwasmiddel.
- Verfkolle: Verfkolle op vensters kan verwyder word met asyn.
- Biervlekke kan uit ´n mat verwyder word deur dit met witasyn te vryf.

BOERERATE & VERBRUIKERS-WENKE

- Sodawater of wit asyn haal gewoonlik bloed vlekke uit matte uit.
- Maak ´n pasta van asyn en koeksoda en vryf dit aan die kraag.
- Koperware kan pragtige blink gemaak word as dit nou en dan met sout en asyn afgevryf word.
- Stop ´n skoon vloerlap in ´n plastiek groentesakkie en was jou matte daarmee. Verwyder kolle op ´n mat met 1 deel witasyn en 3 dele water.
- Sodawater of wit asyn haal gewoonlik hardnekkig vlekke soos rooiwyn en bloed uit matte uit.
- Om hardnekkige water vlekke in bak uit te kry kan 3 koppies asyn ingegooi word en gelaat word vir ‘n paar uur. Borsel en spoel.
- Indien jy hardnekkige watervlekke in ‘n beker of houer het – Vul houer met asyn en laat staan ‘n paar uur en verwyder dan met ‘n skuursponsie. (Asyn kan oor en oor gebrik word vir die doel)

Bak en Brou

- Hou kos vir ‘n groot onthaal warm op asbesverwarmers.Verwyder die pote en plaas die verwarmers horisontaal op bakstene.
- Voeg bakpoeier heel laaste by koekbeslag -die koek sal dan baie lig uitrys.
  5 ml Gliserien gee enige koekmengsel ´n ligter tekstuur.
- Klein koekies bly langer vars as jy ‘n laag suiker onder in die bak strooi
- Gooi ‘n kwart teelepel peper by jou gemmerkoekies om dit daardie effense brandsmaak te gee.
- Voer jou koekiepanne uit met swaardiensaluminiumfoelie voor jy koekies bak. Dit voorkom dat die koekies merke laat.
- Plaas ‘n stukkie plastiek oor deeg wat moet rys. Dit voorkom dat ´n harde lagie vorm.
- Voeg ´n bietjie asyn of witwyn by pannekoekdeeg om te verhoed dat dit taai word.
- Verwyder die bruin aanpaksel met ´n droë stukkie staalwol, terwyl die pan nog warm is.
- Voeg ‘n half teelepel suurlemoensap by room om dit baie gouer mooi styf te klop.
- Suiker en botter sal gouer meng as ´n bietjie suurlemoensap bygevoeg word.
- Melk sal nie oorkook nie as ‘n albaster in die melkkastrol geplaas word.
- ‘n Knippie kaneel verleen ‘n pikante smaak aan kakoa.
- Gooi ´n stukkie botter in vla - dit voorkom dat dit ´n velletjie maak.
- Gooi ‘n klein bietjie koeksoda of suurlemoensap by om jellie vinniger te laat stol.
- Om te keer dat appelkooskonfeit nie uit appelkooskonfyttertjies loop nie, klits 1 eierwit en 1 teelepel suiker goed en smeer aan rand.
- Gooi bietjie sout in die braaipan om te keer dat die vetspat.
- Moenie die oorskiet wyn wat oorbly weggooi nie. Vries dit in blokkies en gebruik in disse en souse.
- Wanneer warm vloeistof in ‘n fles gegooi word, plaas ‘n mes onder in die fles om te voorkom dat dit bars.
- As jy ‘n ryk vrugtekoek maak, voeg ‘n koppie warm, sterk koffie in plaas van melk by om die kleur van die koek te verdonker en die geur te verbeter.
- Gooi ‘n bietjie asyn of suiker by uie wat gesmoor word. Dit sal ‘n lieflike ligbruin kleur en ‘n aangename geur aan die uie verleen.
- Moet nooit suurmelk weggooi nie. Dis uitstekend in gebak en maak deeg ligter as vars melk.
- Om die vet van sop af te skei, gooi die sop deur ‘n doek wat goed natgemaak is in koue water.
- Draai ‘n pypskoonmaker om ‘n sousbottel se nek. Dit sal verhinder dat die sous teen die bottel afloop en die tafeldoek vlek.
- Gebruik Mayonnaise om oor pasteie te smeer: dit bevat ook eiers en so spaar jy ‘n eier.
- Gebruik ‘n skêr wat eers in meel gedruk is om glansvrugte makliker in stukke te sny.
- ´n Stuk brood in die houer oornag maak bruinsuiker wat hard geword het weer sag.
- Braaibrood op die rooster is geneig om op te krul en die vulsel val dan uit. Bind net oorkruis vas met ‘n stukkie gare en die brood sal sy vulsel hou. Die gare sal nie brand nie.
- Leë margarine papier kan gestoor word in ‘n bakkie of sakkie in die vrieskas tot bakdag. Gebruik die papier om al jou panne mee te smeer.
- Draai kosse wat gestoor moet word baie styf toe in foelie & draai kosse liggies toe wat opgewarm moet word.
- Smeer nuwe bakpanne met varkvet en plaas in matige oond vir 45 minute. Wanneer koud, vee af met kombuispapier.

Brood:

- Indien die hout broodbord kromgetrek is, plaas dit op ‘n plat oppervlakte met ‘n klam doek bo-op vir ten minste 24 uur.
- As jy vleisbraai en die brood is klaar – bak vinnig ‘n broodjie deur 500g bruismeel met een blikkie bier en voeg ‘n teelepel sout by. Meng alles saam en bak in ysterpot oor die kole of in die oond.
- Plaas ´n pakkie sout in die broodblik om jou brood vars te hou.
- Doop ou brood in water en bak dit dan weer in die oond. Dit sal vars smaak.

BOERERATE & VERBRUIKERS-WENKE

Eiers

- Maak seker die eiers is op ‘n koel plek as jy dit aankoop – dit voorkom dat organismes groei.
- Moenie gekraakte of vuil eiers koop nie.
- Die kleur van die eier het nie noodwendig ‘n negatiewe uitwerking nie.
- Kyk wanneer is hulle verval datum – Januarie word byvoorbeeld aangedui as 0001 en Desember as 365.
- Eiers wat bo dryf in ‘n pot is nie altyd so vars nie.
- As jy die eier oopbreek om dit gaar te maak gooi dit altyd eers in ‘n piering anders kan jy dalk die ander eiers in die pan bederf as hy sleg is.
- As jy hulle oopbreek en die eierwit en eiergeel loop dadelik dan is die eiers nie baie vars nie.
- Eiers by langer vars as hulle by ‘n temperatuur van 5℃ en by ‘n vog gehalte van 70% tot 80% bewaar word.
- Dop gekookte eiers dadelik af om te keer dat ‘n swart ring om die eiergeel vorm.
- Bêre eiergeel in ‘n koppie in die yskas en bedek met koue water om te keer dat ‘n skil vorm. Gebruik binne vier dae.
- Eiers geklits met ‘n knippie sout kan vir drie maande gevries word.
- Om te toets of ‘n eier vars is, sit dit in ‘n maatbeker met 600ml water. As die eier baie vars is, sal dit op die sykant op die bodem lê.
- Moet nooit ‘n eier in die dop in ‘n mikrogolf kook nie, want dit sal ontplof.
- Sny hardgekookte eiers deur met mes wat in water gedoop is en die eiergele sal nie breek nie.
- ‘n Lepel asyn in die water wanneer jy ‘n eier posjeer keer dat die wit versprei.
- Voeg bietjie asyn by die water as jy eiers kook. Dit keer dat die eiers bars.
- Om eiers langer te laat hou meng jy 400 g ongebluste kalk met 6 litre water en plaas die eiers daarin.
- Gebruik natuurlike produkte om Paas-eiers te kleur.
  Beet – Rooi
  Saffron – Geel
  Spinasie sap – Groen

Groente:

Aartappels

- Voeg suurlemoensap by die water as jy ´n aartappel met skil en al kook. Die aartappel sal wit wees en jou potte sonder vlekke.
- Om te verhoed dat aartappels uitloop plaas jy ‘n vars groen appel by dit.
- Laat aartappels ‘n half-uur lank in melk lê om mooi bruin te bak.
- Gooi ‘n eetlepel melk in ‘n kastrol waarin jy aartappels kook. Dit voorkom dat dit kleur verloor.
- Kapokaartappels is lig en sag as ‘n knippie bakpoeier bygevoeg word.
- ‘n Gerasperde ui gee ‘n besonderse smaak aan kapokaartappels.
- ‘n Bietjie melkpoeier maak die aartappels ook mooi donsig.
- Voeg ‘n bietjie gerasperde suurlemoenskil by aartappelslaai vir ‘n pikante smaak.
- Giet slaaisous oor terwyl die aartappels nog lou is en dit trek in die aartappels in.

Beet

- Om beetvlek op ‘n mat te verwyder gebruik gliserien met ‘n spons in te vryf en dit dan met warm seepwater te was.
- As die beetvlek op ‘n kledingstuk is, gooi ‘n bietjie melk op die vlek en laat week in koue soutwater. Was dan in warm seepwater.

Blomkool

- Sit ‘n stukkie suurlemoenskil of bietjie suurlemoensap in die water as jy blomkool kook. Dit hou die blomkool mooi wit.

Knoffel

- Sny knoffel fyn en gooi in kookolie in klein houertjies. Kan baie klank so in yskas gebêre word. Die olie kan agterna weer gebruik word wat klaar knoffel geur het.
- Om knoffelasem te verwyder, kou vars mint, koffie boon, pietersielie of seldery.

Pampoen

- Om ‘n gesnyde pampoen vars te hou, verwyder die pitte en bedek die binnekant met ‘n lagie koeksoda.

Patats

- Stowe patats kry ‘n mooi kleur as ‘n mespunt koeksoda bygevoeg word terwyl dit kook.

BOERERATE & VERBRUIKERS-WENKE

Radyse

- Skud radyse in ‘n fles vol water om hulle deeglik te was.

Tamaties

- As tamatie- en uiemoes gemaak word vir braaivleis of ander geregte, gooi ‘n kwart koppie melk op die end by en roer goed. Dit voorkom sooibrand by die mans.
- ‘n Knippie kerriepoeier by tamatiesop verbeter die smaak.
    - Tamatiesous - Gebruik 2 kg Tamaties waarvan die kern en pitte verwyder is, 2 koppies suiker, ¼ koppie appelasyn, ½ teelepel sout. Versap die bestandele saam en kook by ‘n lae hitte vir ongeveer 1½ uur. Roer gereeld.
      Gooi deur ‘n sif om stukkies te verwyder Voeg 1verpoeierde Vitamien C tablet by om die kleur te behou. Vries of lê die tamatiesous in vir latere gebruik
      Rissiepoeier of paprika kan voor die kook proses bygevoeg word vir smaak.

Slaaikoppe

- Slaaikoppe bly langer vars in die yskas in papiersakke, nie plastieksakke nie.
- Maak verlepte slaaiblare weer bros deur dit in ´n bak yskaswater te plaas; NIE yswater nie.

Uie

- Om te voorkom dat uie wat bewaar word uitloop, kan die worteltjies in kookwater gebrand word voordat dit opgehang word.

Koffie

- Bêre koffie in die yskas om dit vars te hou.

Kookolie

- Sny die onderste deel van ´n wynbottelhouer af en bêre jou kookoliebottel daarin. Die kartonhouer suig olie wat drup op.

Kastrol

- Strooi koeksoda op die aangebrande deel in ´n pot. Maak klam met ´n bietjie water en skrop.

Maaskaas

- Maaskaas hou langer as jy dit onderstebo bêre.

Noedels

- Noedels kan goed gevries word en dan in kookwater ontvries word - Dit is ´n vinnige proses.

Room

- Om room styf geklits te kry voeg bietjie kremetart by.
  Voeg ´n bietjie opgeloste gelatien by indien jy sukkel om room styf te klop.
- Om vinnig suurroom te maak - neem vars room en voeg ´n bietjie karringmelk by of suurlemoensap by. Dit proe die beste indien dit oornag gestaan het.

Roomys

- Sit ´n klein marshmellow onder in ´n roomyskelkie. Dit sal verhoed dat die kelkie lek.

Sout

- Plaas ´n rou aartappel in jou sop/bredie indien jy te veel sout ingegooi het. Die aartappel absorbeer die ergste soutsmaak.
- Wanneer gereg te sout is gooi bruinsuiker by.
- Gooi ´n paar ryskorrels in die soutpotjie om te verhoed dat die sout klonterig raak in klam weer.
- Om sout wat in potjies vassit los te kry, plaas potjie eers ´n paar minute in lou oond.
- Gooi ‘n droë ertjie in ‘n peperpot om te voorkom dat die peper saamkleef.

Verwyder Aanpaksels

- Voordat ‘n nuwe pan gebruik word, kook ‘n bietjie skoon asyn vir ‘n paar minute daarin. Sal ook voorkom dat vasbrand.

- Vul met helfte wit asyn en helfte water. Stoom die strykyster tot die tenk skoon is. Hervul met skoon water en stoom weer die tenk leeg.
- Citrus Soda en suurlemoen of asyn maak ‘n aangebrande pot sommer vinnig skoon!

Ketel

- Vul nuwe ketel met helfte wit asyn en helfte water. Kook en laat oornag staan. Spoel die volgende dag uit met skoon water.
- Vir die aanpaksel in jou ketel, gooi een pakkie of 3 eetlepels wynsteensuur by, kook en spoel ketel uit. Dis onmiddelik skoon.
- Aanpaksels aan ‘n ketel se element kan verwyder word deur te kook met asyn
- Voorkom aanpaksel deur ‘n glas albaster permanent in die ketel te gooi.
- Plaas ketel in vrieskas totdat kante gevries is, sodra dit ontdooi kom die aanpaksel af.

Vis

- Gooi bietjie asyn by olie waarin vis gebraai word. Die vis absorbeer minder olie.

Vleis

- ‘n Bietjie asyn in die olie verhoud dat vleis wat in krummels gerol is gou vasbrand in die pan.
- Draai vleispasteitjies in botterpapier toe voor jy dit bak. Dit hou die korsies sag.
- Doop wors in kookwater voordat jy dit bak, dan sal dit nie oopbars nie.
- Die vel van tong sal maklik aftrek indien daar asyn by die water gegooi word as die gekook word.
- Gooi vars melk oor gebrande vleis om die brandsmaak te verminder.
- Gooi suurlemoensap/asyn by vleis om dit sag te maak.
- Natuurlike jogurt is ‘n natuurlike vleissagmaakmiddel. Sit biefstuk of hoender in joghurt en los vir 8 ure in die yskas.
- Spek sal nie omkrul as dit in kookwater gedoop word voordat dit gebraai word nie.
- As kerrie te sterk gemaak is, voeg ‘n bietjie suurlemoensap by.
- Sprinkel ‘n bietjie sout in die braaipan om gespat te voorkom. Plaas ‘n vergiettes onderstebo oor die pan sodat stoom kan ontsnap maar vet nie uitspat.
- ‘n Heerlike manier om ‘n vark boud gaar te maak is om ‘n blikkie Coke in die pan te gooi. Maak die vark boud toe in foelie. Bak die vark boud tot net so ‘n halfuur voor gaar. Verwyder die foelie en bak vir die laaste halfuur. Die sous van die vark boud en die coke meng dan om ‘n heerlike sous te maak.

Vrugte:

Appels:

- Appels word makliker geskil indien dit vooraf ‘n paar minute lank in kookwater lê.
- Gebakte appels sal nie plooi indien jy ‘n paar klein snytjies in die skil maak voor hulle oond toe gaan nie.

Druiwe

- Om druiwe te skil - doop dit vir 2 minute in kookwater en dan in koue water.

Pere:

- Om jou pere gouer ryp te maak – plaas hulle in ‘n plastieksak met ‘n appel in.
  Maak ‘n gaatjie in die bokant en laat staan op ‘n warm plek.

Piesangs

- Moet nooit te veel piesangs koop as jy weet jy gaan dit nie kan opeet nie of as jou familie nie te veel daarvan hou nie.
- As jy piesangs koop kyk vir mooi egalige geel piesangs wat geen swart vlekke op het nie.
- Groen piesangs wat jy gouer wil ryp hê kan jy in ‘n bruin papiersak plaas met ‘n appel in – dit sal dit baie vinnig laat ryp word.
- As die piesangs bruin word voor jy dit ge-eet het kan jy hulle gebruik deur of piesang muffins of piesangbrood te maak.
- Piesangs wat saam met kerrie bedien word, behou hul kleur as hulle óf met suurlemoensap besprinkel word, kookwater oor die ongeskilde piesangs gegiet word. Laat staan vir 2 minute, en skil af.

Pynappel

- Rasper ‘n pynappel deur dit met skil en al in die lengte in kwarte te sny. Rasper so tot teen die skil.

BOERERATE & VERBRUIKERS-WENKE

Suurlemoen

- Laat lê ´n suurlemoen in warm water voor jy dit uitdruk. Jy sal meer sap kry.

Vrugtevlekke

- Vrugtevlekke moet net met kookwater afgespoel word en dan moet die materiaal in die son drooggemaak word.

Besemstok

- Indien ‘n besemstok nie meer pas nie, plak hegpleister oor en draai weer in.

Bleikmiddel

- Maak jou eie bleikmiddel met koeksoda en asyn.

Blomme & Tuinmaak

- Koffiemoer is goed vir plante.
- Rol jou tuinslang in die vorm van ´n 8. Dit verhoed dat dit koek.
- Indien jy sukkel om ‘n tuinslang oor ‘n kraan te trek, kan jy die punt warm maak in kokende water en dan oortrek.
- Seep kan in die binnekant van die tuinslang gesmeer word en dan oorgetrek word.
- Ogiesdraad kan bo-oor geute gespan word om oortollige blare uit te hou.
- Om van gras tussen plaveisel ontslae te raak; kook soutwater of gewone sout kan binne die slooitjies van plaveisel gegooi word om gras uit te hou.
- Om permant van onkruid onslae te raak (maak ook grond dood) bespuit met diesel.
- Gebruik ou eierhouers om klein plantjies te maak. Saai saad afsonderlik in elkeen en met uitplanting kan die plantjie met houer en al geplant word. Sal disintegreer na ‘n ruk.
- Pluk snyblomme baie vroeg in die oggend of vroeg skemer. Hulle sal langer hou.
- In rangskikking:
  Gooi 1 teelepel Jik & 1 teelepel suiker in rangskikking water.
- Stof op plante -
  Vee die plante af met die binnekant van ‘n piesangskil. Dit verwyder die stof en voed die blare.
- Om van slakke ontslae te raak - Sit lemoen- suurlemoen- of nartjieskille waar die slakke is, hulle hou nie van die reuk nie

Angeliere

- Angeliere hou langer in ´n blompot as jy sout in die water gooi.

Insekdoder vir tuin

- Hierdie spuitmiddel sal insekte verjaag sonder om hulle dood te maak en is baie veilig in die tuin.
  Neem 20 Liter warm water
  Voeg een eetlepel koeksoda by
  Voeg twee eetlepels Jeyes Fluid by
  Vlok een vyfde van ‘n steen blouseep in mengsel in
  Roer goed tot al die bestanddele opgelos is.

Kunsblomme

- Om kunsblomme skoon te maak moet dit in ‘n papiersak saam met sout gegooi en baie goed geskud word. Die sout neem al die stof en vuiligheid op en die blomme lyk sommer gou weer vars.

Roes op plante

- Meng water en tabakstof tot dit soos flou tee lyk. Was die plante hiermee. Gooi ook die water op die wortels.

Rose

- Rose hou langer in ´n mengsel van 1 liter koue water, 1 eetlepel asyn, een eetlepel Jik en ysblokkies.
- Indien rose baie verlep is. Knip stingels se punte af en plaas in kookwater vir ‘n ruk. Plaas dan in gewone water.

Varings

- ‘n Teelepel brandspiritus opgelos in ‘n koppie water laat jou varings baie mooi groei.

BOERERATE & VERBRUIKERS-WENKE

Varshou

- Maak ´n gaatjie in ´n rou aartappel en plaas jou stiggie/blom daarin om dit vars te hou as jy dit vervoer.
- Sit ´n bietjie koeksoda in die water by die blomme.
- Om blomme in ‘n vaas langer te laat hou, gooi net 2 aspirine in die water.

Brakwater

- Boraks kan gebruik word om brakwater sag te maak.

Bril

- ´n Druppel gliserien help om jou brilglase skoon te hou. Dit help ook teen wasigheid.

Bysteek

- Krap die angel met ‘n mes uit. Maak ‘n koeksodapasta en plaas dit op dit steekplek. Dit trek die gif uit.

Boeke

- Storing:
  - Moenie boeke styf teen die muur laat staan nie. Gee gapings vir lug om deur te sirkuleer.
  - Laat staan ‘n boek regop en nie skuins nie aangesien die rug kan seerkry.
- Geskeurde bladsye:
  - Indien ‘n boek se bladsye geskeur is van ouderdom, smeer liggies met eierwit en laat boek oop vir ‘n ruk om droog te word.
- Stukkende rug:
  - Gebruik mat kleefband om die rug mooi vas te plak.

Boor

- Teëls:
  Indien jy sukkel om ‘n gat te boor in keramiek teëls (wat gly) kan jy kleefband op die teël plak en dan bo-oor boor.
- Plafon:
  Plaas ‘n plastiek plaatjie/bottelboom waar geboor moet word. Dit hou al die stof uit jou oë.

CD’s

- Krapmerke op CD's - Vryf grondboontjiebotter daarop met ‘n sagte lappie.

Coke

- Gooi ‘n blikkie Coke in die toilet en laat staan vir ‘n uur. Spoel die toilet en jy sit met ‘n sprankel skoon toilet.
- Wanner jou kar battery terminale aangepak is neem net Coke en gooi dit oor die terminale. Die Coke sal die terminale skoon vreet.
- Wanneer jy sukkel om ‘n geroeste skroef los te draai, gooi Coke op ‘n lappie en hou die lappie teen die skroef vir ‘n paar minute.
- ‘n Heerlike manier om ‘n vark boud gaar te maak is om ‘n blikkie Coke in die pan te gooi. Maak die vark boud toe in foelie. Bak die vark boud tot net so ‘n halfuur voor gaar. Verwyder die foelie en bak vir die laaste halfuur. Die sous van die vark boud en die coke meng dan om ‘n heerlike sous te maak.
- Om vet kolle van klere te verwyder is om ‘n blikkie Coke op die klere te gooi. Was dan die klere soos normaal. Die Coke sal help om die vetkolle op te breek en te verwyder.

Elektrisiteits & -besparing

- ‘n Muurprop se draad kan makliker geknip word deur die draad met ‘n vuurhoutjie te brand en dan die rubber te verwyder sonder om die koper draad raak te knip.
- Maak ‘n baie stywe knoop in die draad tussen die muurprop en die apparaat wat gebruik word. Indien die weerlig dit huis se krag sou tref, dan kan die weerligstraal nie die kort draai in die knoop maak nie en sal dus moontlik nie die apparaat beskadig nie.

Stoof

- As jy vir jou ‘n nuwe stoof koop, kies een met ‘n konveksie oond – die gaarmaaktyd is gouer.
- Moenie roosterbrood in ‘n oond rooster maak nie – dit vat te lank
- Verminder die plaat se hitte sodra jou kos vinnig begin kook
- Gebruik ‘n drukkoker vir kos wat lank kook of ‘n elektriese pot.
- Kyk dat jy die regte grootte pot op die regte grootte plaat sit – dit bespaar elektrisiteit.

- Hou die oonddeur toe en moenie onnodig die deur oopmaak nie – die hitte ontsnap en vat weer ‘n rukkie om dit op te tel.
- Berei eerder jou maaltye heeltemal in die oond.
- Probeer “One pot Cooking” soos byvoorbeeld pasta en maalvleis met die sous – sodat jy nie drie plate nodig het nie maar net een.
- Sorg dat jou potte se deksels pas en plaas hulle op die potte om sodoende die hitte in die pot te hou.
- Sorg dat die lug in die oond vry sirkuleer rondom die skottels in die oond.
- Maak ys en vrieskasdeure so min as moontlik oop en vir so kort as moontlik.
- Moenie warm kos in die yskas of vrieskas insit nie. Laat dit eers afkoel voor jy dit bere.
- Moenie ‘n ketel vol water maak as jy net twee koppies wil maak nie
  Gebruik jou mikrogolf soveel as moontlik in plaas van die stoof.
- Moenie ligte onnodig brand nie.
- Wasmajiene en skottelgoedwassers moet net aangesit word as hulle vol is.

Verwarmer

- Sit so na aan die verwarmer as moontlik dat dit nie nodig is om altwee elemente aan te sit nie.
- Skakel die verwarmer af as jy die kamer vir ‘n lang ruk verlaat.
- Gordyne hou hitte binne so trek die gordyne toe as dit koud is al vroeg in die aand.
- Dit is goedkoper om ‘n elektriese kombers te gebruik as ‘n verwarmer wat die hele kamer warm maak.
- Maak seker die deure seël goed.

Etikette, plakkers (Stickers)

- Sit etikette op warm ingelegde bottels eers wanneer goed afgekoel het anders krul dit af.
- Smeer Brasso aan die etiket en vryf hom af. Enige taai kolle wat nog oorbly kan met nog ‘n bietjie Brasso verwyder word.
- Spuit plakker met Doom – laat paar sekondes en vryf die plakker af. Was met gewone skottelgoedseep daarna.
- Dit gaan oor die plakkertjies wat met niks wil afkom nie (stickers). Smeer op die plakkers of op reeds afgetrekte plakkers wat nog gom agtergelaat het KOOKOLIE en laat so ‘n rukkie staan en maak dan skoon met ‘n lap.
- Gebruik grondboontjiebotter om plakkers van bottels af te haal. Die gom gaan gou af met die grondboontjiebotter.

Foto

- Beskerm foto's in rame sonder glas deur eers die foto met kleefplastiek oor te trek.

Geskenkpapier:

- In ‘n noodgeval kan jy foelie gebruik om ‘n geskenk in toe te draai en net ‘n mooi lintjie of iets omsit.
- Groot hoeveelheid van geskenke kan toegedraai word met bruinpapier met gekleurde raffia vir strikke Muurpapier wat redelik goedkoop is.

Glasbottels

- Sit etikette op warm ingelegde bottels eers wanneer goed afgekoel het anders krul dit af.
- Trek: Gebruik hegpleister oor die proppe om inhoud binne te hou.
- Pak glasbottels tussen sagte items indien jy trek.
- Om vinnig leeg te maak: Skud die bottel in ‘n sirkel beweging om leeg te maak.
- Indien jy sukkel om ‘n deksel af te skroef – plaas deksel in kookwater en skroef dan af.
- Slaan ‘n gaatjie in deksel met ‘n skerp voorwerp sodat lug kan inkom en skroef dan af.
- Sterk reuke:
  - Verwyder reuke uit bottels deur vol te maak met ‘n mengsel van koue water en 4 telepels droë mosterd. Gooi uit na ‘n halwe dag en spoel deeglik uit.
  - Gooi bleikmiddel in vir ten miste 12 ure vir baie sterk reuke.
- Ander gebruike:
  - Druk gaatjies bo in dekseltjie van bottel en gebruik vir ‘n meel strooier
  - Vul met water en gebruik om wasgoed nat te sprinkel voor jy stryk.

Glase

- Om glans terug te bring in kristalglase – gooi ‘n paar druppels ammonia in die was water en spoel af in asyn water.
- Indien twee glase binne mekaar vassit kan die onderste glas in warmwater gehou word en die boonste een kan vol koue water gegooi word. Dit sal makliker van mekaar kom sonder om te beskadig.

- Om klein happies uit glasrand te verwyder – skuur met fyn sandpapier.
- Om te voorkom dat ‘n glas bars, kan ‘n staal telepel in die glas geplaas word en dan kan kookwater binne-in gegooi word.

Gloeilampe

- Smeer ‘n bietjie parfuum aan jou gloeilamp – sodra aansit versprei die geur met die hitte van die lamp.

Grondboontjiebotter

- Skeer: As jy per ongeluk jou skeerroom vergeet het op ‘n wegbreeknaweek, kan grondboontjiebotter gebruik word.
- Verwyder kougom van hare: Vryf ‘n teelepel grondboontjiebotter in die kougom en dit sal loskom.
- Verwyder gom (superglue ens) vanaf meubels: Vryf met grondboontjiebotter oor die gom en dit sal loskom.
- Vang muise of rotte: Muise verkies grondboontjiebotter bo kaas.

Gom

- Taai gom op glas en plastiek kan verwyder word met paraffien. Dit beskadig nie die oppervlakte nie.
- Op glas – nael verwyderaar, kookolie, terpentyn of wit spiritus.
- Deksels van gombottels kan met kers binne gesmeer word. Gom klou nie aan kerswas nie.

Haarversorging

- Gebruik ‘n plastiekvurk om hare uit jou haarborsel te verwyder.
- Skep natuurlike ligstrepe in blonde hare: vul ‘n sproeibottel met twee derde koppie Vodka en een derde koppie suurlemoensap. Sproei aan klam hare, gaan uit en spoel eers die aand af.
- Vir hare wat uitval, meng ‘n botteltjie Bergamond-essens van Lennons met shampoo. Was hare soos gewoonlik. Onthou om bottel goed te skud voor gebruik.
- Vir uitval hare, meng 1 x 100 ml Bayrum (2 x glasbuisies = R7.50) met 1 x Placenta (+- R3.50 elk) in ‘n spuitbottel. Spuit aan na elke was en los dit aan.
- Wanneer jy jou hare laat sny, gebruik ‘n swart sak en sny ‘n gat in net groot genoeg vir die persoon se kop om deur te gaan. Soedoende sal die hare nie aan al die klere vassit nie.

Hakskene

- Vir gebarste hakskene, week jou voete vir ‘n hele rukkie in warm water met ‘n handvol growwe sout in. Doen dit net voor jy gaan slaap. Droog liggies af met ‘n handdoek. Smeer ‘n dik laag vaseline oor jou voete. Trek ‘n plastieksakkie bo-oor. Trek ‘n paar sokkies bo-oor die sakkies. Klim in die bed en slaap..
- Wend olyf - of kookolie aan skurwe hakskene die aand voor jy hulle skuur.
- Meng gelyke dele Glyserine (50 ml) en Scrubbs Amoniak (50 ml) in ‘n botteltjie en skud goed. Smeer elke aand aan nadat voete gewas en geskuur is.
- Vir wintershande, voete, gebarste hakskene, en selfs vir ekseem:
  Meng die volgende goed saam en smeer mildelik aan die aangetaste dele:
  2 x 500 gram potjies Aqeuousroom
  50 ml Gliserien
  1 klein potjie wit Vaseline (reukloos)
  100 g Johnson's babapoeier

Handdoeke

- Handdoeke wat hard uit die was kom - veral in brak water. Was jou handdoeke in warm water met seep en gooi ongeveer ‘n handvol sout by (Los die sout op in die water). Moet nie versagter gebruik nie. Spoel die seep goed uit. Spoel weer maar gooi so 2-3 eetlepels ammoniak of wit asyn in die laaste uitspoelwater.

Handskoene

- Om handskoene skoon te hou: Voor nuwe handskoene gebruik word, smeer die binneste goed met kryt. Dit sal help dat die handskoene nie vuil word van die sweet nie.
- Indien rubber handskoene sleg ruik van sweet – Was die handskoene binne mooi en gooi ‘n bietjie poeier in die handskoen en trek dan aan.
- Stoor die handskoene binnekant buite tot volgende keer gebruik word.

Houtvloere

- Om plankvloere blink en glad te maak: Neem 1 waskers en 1 koppie paraffien. Sit dit op kole om die was te smelt. Vryf dit met ‘n flennielap op die vloer, nadat dit eers goed skoongewas en gedroog is

BOERERATE & VERBRUIKERS-WENKE

Krakende vloere & deure

- Gooi lyfpoeier in die gleufies van krakende houtvloere.
- Smeer die skaniere van krakende deure met seep of olie om die geraas weg te kry.

Insekte & peste

- Vir enige ongewenste goggas in die koskaste, beddens of waar ookal, spuit met Fendona, te kry by die gifafdeling in supermarkte. Hierdie spuitstof is besonder mens- en dier-vriendelik - die kaste kan gespuit word en die kastrolle kan dadelik teruggepak word.
- Om insekte te beperk in die huis – hang 'n vars bonneltjie brandnetel in die oop ventser.
- Veilige spuitmiddel vir die Tuin.: Hierdie spuitmiddel sal insekte verjaag sonder om hulle dood te maak.
  Neem 20 Liter warm water
  Voeg een eetlepel koeksoda by
  Voeg twee eetlepels Jeyes Fluid by
  Vlok een vyfde van 'n steen blouseep in mengsel in
  Roer goed tot al die bestanddele opgelos is
- Spuit insekte met 1 pak tabak goed getrek op 3 liter warm water. Syg deur doek.
  Voeg by:
  1 eetlepel Skottelgoed seep
  halwe bottel Brandspiritus
- Vernietig insekte op diere deur te was met water waarin aartappels gekook is. Herhaal 'n paar keer.

Borsluise & vlooie

- Was jou troeteldiere twee tot drie keer met water waarin aartappels gekook is. Dit hou die insekte weg van hulle.
- Om vlooie uit matte te hou, strooi Karbadust op die matte en laat dit vir 'n ruk voordat die matte gesuig word. Dit is veilig om ook die troeteldiere daarmee te poeier.
- Om vlooie weg te hou, was honde met Sunlightseep in water waarin 2 proppies Dettol opgelos is. Spoel ook af met Dettolwater.
- Maak Chlorphyriphos sterk in 'n spuitkan aan en spuit orals. Dit help om vlooi-eiers wat die honde inbring van ontslae te raak.
- Vlooie, baie goeie raad is om 1 koppie ammoniak met 4 koppies water te meng en dit oral in die huis te spuit. Dit nie vlek of beskadig die houtvloer nie aangesien die ammoniac baie verdun is

Kakkerlakke

- Hulle eet stof, so skaf 'n stofsuier aan en gebruik dit gereeld om die stof agter kaste, onder beddens, binne in kaste en al daardie ander donker hoekies uit te suig. Spuit Chlopirifos (gif) binne en buite die huis en jy sien die gedoentes nie weer nie. Gooi gereeld onverdunde jik in al die wateruitlate, dreine ens. en sit die prop in en laat oornag staan. Die ander goed soos die kakkerlak huisies en al die ander geldmaak foefies werk nie.
- Gebruik Baygon Green om hulle aanvanklik bietjie dood te maak.
- Kry by die saadhandelaar Carba sproei. Dit word met water aangemaak en is nogal duur maar glo my dit werk wonderlik
- Strooi Engelse sout, salietakkies of laventelolie op rakke om kakkerlakke weg te hou.
- Meng versiersuiker en gips so 50/50. Plaas in houers op die vloer en as alles volgens plan verloop, dan is jy ontslae van die ou oulike gediertetjies.
- Meng mieliemeel en gips en sit water langsaan.
- Meng Boraks en versiersuiker en sit dit se maar in doppies of proppies op strategiese plekke - veral onder die wasbak of kas onder die wasbak - hulle hou van die klammigheid. As hulle op die boraks loop, klou dit aan hulle pote vas en lek hulle agter die soetigheid aan, en blykbaar maak die boraks hulle dood.
- Chlorpirifos is by hardeware- en afdelings winkels beskikbaar. Dit word verdun en aan lyste gesmeer met 'n kwas of aangespuit. Doen dit maar so elke 3 maande.
- Spuit Dyroach oral teen vloerlyste, agter en onder meubels en in gleufies. Pak jou kombuiskaste uit en spuit teen die onderkante van die rakke. Los so vir 'n uur of twee. Vee die bokante van die rakke met 'n klam lap af en pak die goed weer terug. Moenie die onderkante van die rakke afvee nie. Doen dit vir 'n begin ten minste een maal 'n maand.
- Sit piesangskille in jou kaste. Vervang wanneer droog. Die goedjies hou blykbaar glad nie van die reuk nie.
- Ek het gehoor as jy Kakiebos oral sit werk dit. Plant een veral by jou dreine.
- Sit naeltjies in al jou kombuiskaste/waar hulle ookal voorkom.
- Gaan fumigate of spuit jou bottel leeg en verwyder die kokkerotte wat jy kan. Maak skoon buite en oral in die kaste en areas waar hulle neig om voor te kom, bo-op jou geyser, ens Wat 'n mens ook kan doen is om die poeier oral oor die oppervlak van jou kaste en laaie te gooi, papier bo oor le.en dan alles

terugpak in die kaste. Al nadeel van die poeier is, is dat dit neig om te lyk soos sout wat rond gemors is. Die poeier droog die kokkerot heeltemal uit. Al wat jy daar kry is ‘n biltong kokkerot, so klein plat en verskrompel. Die apteke verkoop nie meer die groot pakke borasic(boor) poeier nie. . Dit is die selfde uitwerking wat dit op die kokkerot het. Die vog word uit hulle uit getrek.

- Sit bakkies met koeksoda orals in die huis (veral agter yskas, stoof, onder wasbak, ens.). Die kokkerotte eet dit (en dra dit na hul nes toe). Die vog binne hul lywe maak die koeksoda bruis en laat die kokkerot vrek. Dit voorkom ook dat ‘n volwasse kokkerot eiers le voordat hulle doodgaan.

Krieke

- Meng wasgoedseep en water (eetlepel in 2liter water) - gooi dit in die gaatjies in die gras - wag vir so minuut of wat en hulle sal uitklim omrede die seep hulle brand.

Miere

- Sit bietjie van die mengsel van
  100ml water
  200ml suiker
  50ml Borax (kry by apteek)
  uit waar miertjies voorkom, sodat hulle dit kan nes toe dra. As mens sien hulle staan sulke kringe om die stroop, is dit ‘n goeie teken dat hulle dit geniet. Sorg dat stroop altyd beskikbaar is. Mens sien nie onmiddellik resultate nie, maar na ‘n drie tot vier weke begin jy agterkom daar is nie meer miere nie. Hulle dra die stroop nes toe, voer die ander miere en koningin daarmee en die hele nes vrek uit.
- Kamakazi krummels (moet nie met die hand strooi nie anders is dit nie effektief nie) Strooi ten minste een keer ‘n week vir ses weke aanmekaar.
- Termedine (dit is glo dieselfde as wat die mense van "Pest control" gebruik maar is baie duur - iets soos R800 vir 5 liter en daar is voorgestel dat jy met jou bure moet praat om dit saam te koop. Dit word glo aangemaak 1 op 40)
- 411-kunsmis. Dit is glo baie giftig en jy moet veral oppas vir jou honde of diere maar is glo verskriklik effektief. .
- Vir die klein miertjies in die huis smeer kryt wat jy by die vlooimark kry aan.
- Strooi VIM of babapoeier maar moenie dit afvee as jy skoonmaak nie.
- Maak "Die Ant" met water aan en spuit dit al teen die "scurtings" van jou huis.
- Gooi bietjie paraffien in ‘n miernes.
- Vir hierdie suikermiertjies wat so die kombuis kan oorneem. Strooi net rooipeper op strategiese plekke.
- Maak Chlorphyriphos sterk in ‘n spuitkan aan. Dit help selfs om die swartmiere uit die huis te hou.
- Strooi koeksoda of borax poeier binne kaste en laaie.
- Kook korente in kasterolie en plaas in die pad van die miere.
- Sit bakkies met koeksoda orals in die huis (veral agter yskas, stoof, onder wasbak, ens.).

Miet

- Sit Lourierblare in meel om miet uit te hou.
- Vyetakkies by droëvrugte hou miet uit.
- Miete (in meel, ens.) - Plaas ‘n wit kers binne in die meel. Dit voorkom dat miete in die meel, pasta, rys, ens. kom.
- Om miet uit meel of saad te hou, snoei ‘n paar takkies van ‘n vyeboom en plaas dit binne in die houer.

Motte

- Sprinkel terpentyn op stukkies papier en sit dit in jou kas om motte uit jou klere te hou en sit stukkies kamfer in jou kas om motte uit jou klere te hou.
- Sit lappies geweek in parafien in jou kas om motte uit jou klere te hou.
- Onthou julle die motbolle in die seisoenklere se wegpakplek en die komberse. Vergeet daarvan, want die reuk kry jy buitendien nooit uit. Rasper Sunlight Wasgoedseep (die groen blokke) in die kas/sak waar jy dit bêre - niks meer stanke en hou alle ongediertes daar uit!
- Gooi van die goed op jou huis se plafon en geen muis of rot sal dit naby die plafon waag nie. Ons verpes muise en rotte en muise en rotte verpes die reuk van Motbolle.
- Sit gedroogde lemoenskille in die laaie tussen die klere

Molle

- Hondebollie die slagysters op die grasperk kan ook nuttig wees. Gooi hulle oral in die gate/tonnels.

BOERERATE & VERBRUIKERS-WENKE

Muise

- Sit grondboontjiebotter op muisvalletjies om muise of rotte te vang. Muise verkies grondboontjiebotter bo kaas.
- Meng in gelyke hoeveelhede gipspoeier en versiersuiker. Die sit jy sommer in bakkies orals in jou kaste - alle verskuilde gaaitjies neer en los dit daar. Hulle kom eet daaraan en dan versteen hulle magies.

Muskiete

- Kry ‘n citronella kers of een van hierdie branders met citronella olie en brand dit.
- Gaan na enige apteek of winkel en gaan koop ‘n bottel Lavender olie. Dit sal jou kalm en rustig maak en hou die muskiete weg. As ons buite braai dan sit ek sommer aan my bene net ‘n druppel, of ek gooi sommer op die beddegoed bietjie olie of sit dit in ‘n olie brander met bietjie growwe sout en gebruik dan die growwe sout om in te bad. Ek glo geen huis behoort sonder Lavender Oil te wees nie. Dit jaag sommer verkoue ook by die huis uit!!!
- Ek gebruik sommer ‘n gewone olie lampie om lig te verskaf wanneer ons kamp. Maar, in plek van parafien, gebruik en die olie wat Sitronella olie in het - dit brand net so goed, het wel die bekende Sitronella olie reuk en my ondervinding is dat dit help vir die omgewing waarin ‘n mens dan 'kuier'. Dit brand so lank aan een 'vulling', dat ek dit in ieder geval dag en nag aan die gang hou.
- Dan kry ‘n mens ook klein Sitronella olie sepies (so half deurskynend) waarmee ons dan stort saans om die muskiete weg te hou wat dalk inglip - het gevind dit help ook wanneer ‘n mens gaan stap in die bosse of langs ‘n rivier.
- Plant pepperment grondbeddekkings en ook vleisvreterplante. Dit help ook vir ander goggas sos vliee, vlooie ens.
- Neem ‘n groot ui, van dié wat skerp ruik, sny dit in skywe redelik dik en plaas dit oral rond waar die mense beweeg.
- Neem houertjies en gooi doodgewone asyn daarin, as dit kan hoe sterker die asyn hoe beter [met ander woorde die % asyn wat op die bottle staan] plaas dit nou oral rond, in die somermaande plaas ek ‘n bakkie voor die waaier en dit vul die vertrek totaal.

Slakke

- Om van slakke ontslae te raak - Sit lemoen- suurlemoen- of nartjieskille waar die slakke is, hulle hou nie van die reuk nie
- Hou slakke van plante weg deur eierdoppe rondom die plante te strooi.
- Vaseline wat rondom potte gesmeer is, hou ook slakke weg van potplante.

Termiete

- Meng:
  100 ml water
  200 ml suiker
  50 ml Borax
  Gooi in miergatjies.

Vlieë

- Vir lastige vlieë, gooi gewone asyn wat mens in kos gooi in klein bakkies of deksels en plaas dit op onooglike plekke bv bo-op yskas ens. Die suur reuk jaag die vlieë weg, al nadeel is dat dit vinnig verdamp (na 3 dae) maar bly nog steeds goedkoper as enige gifstowwe.
- Smeer kasterolie aan gloeilamp en vryf blink met ´n sagte lap. Dit verhoed dat vlieë hul merke maak.
- Plaas watte bolletjies gesprinkel met ‘n paar druppels “lavender” olie in pierings in die vertrek.
- Basielkruid of mint in potte geplant in vensterbank hou ook vliëe in toom.

Vlermuise

- Naftaleen bolletjies (vismot-gif) verdryf die vlermuise. Die belangrikste is om die gate waar hulle inkom toe te maak as hulle uit die dak is.
- As jy ‘n skerp lig in die dak installeer en aanskakel nadat hulle uitgevlieg het, sal die lig hulle pla as hulle wil terug invlieg.
- Vlermuise niks hou van die reuk van kakiebos nie -, hang dan ‘n paar stukke kakiebos net buite die plek waar hulle inkruip. As jy nie kakiebos het nie, kan jy ook afrikaners (die blomsoort) gebruik.

Vismotte

- Om vismotte te beperk in jou klere kaste kan jy moesilien sakkies vol gegeurde kruie of klein sepies daarin sit – dit laat jou klere ook lekker ruik.

- Meng alles saam:
  18 drops Oil of Lavender
  16 drops Oil of Cloves
  16 drops Oil of Caraway
  8 drops Oil of Camphor
  375ml Turpentine Oil
  Doop wattebolletjies in mengsel en plaas watte oral in kaste.

Juwele

- Maak goue juwele skoon sodat hulle lyk soos nuut! Meng Savlon met water in verhouding 2:1. Laat juwele in oplossing lê vir 10 tot 20 minute. Borsel liggies met ou tandeborsel OF spoel eenvoudig af met vars water en droog af met ‘n sagte lap!
- Goue juwele kan met sagte brood skoongemaak word.
- Hou jou juwele in sterk Steradent oplossing aangemaak met kookwater.
- Maak juweliersware skoon deur dit oornag te week in ‘n mengsel van koeksoda en asyn. Indien nodig, skrop liggies met ‘n ou tandeborsel. Dit verwyder alle vuilighede sonder om die stene, goud of silver te beskadig.
  Moenie perels oornag week nie - net vir sowat ‘n uur.
- Vryf jou silwer juwele met ‘n halwe suurlemoen en spoel af.
- Ring wat te styf sit:
  - Sit handeroom aan jou hande en laat uit gly
  - Was jou hande met seep en haal af terwyl seep baie glad is.

Kaggel

- Gooi klam teeblare op die as voor jy die kaggel skoonmaak. Dit keer daardie wolk van stof.

Kerse

- Om kerse langer te laat brand; plaas ´n paar uur voor gebruik in die yskas sodat dit langer en meer eweredig kan brand.
- As kerse te groot vir blakers is; plaas onder punt in kookwater totdat sag genoeg is op in te skroef.
- Verwyder kerswas van blakers deur die blaker in seepwater met ‘n paar druppels ammoniak te was.

Klammigheid

- Binne vertrek:
  - Plaas foelie binne teen die muur – Indien foelie klam is aan die voorkant is dit agv kondensasie.
  - Maak meer venster oop in vertrek. Indien foelie agter nat word kom die klammigheid van buite af. Professionele hulp moet dan verkry word.
- Rame:
  - Plaas foelie agter prente wat geraam word om vogtigheid te voorkom op die prent.
- Indien vog voorkom op horlosieglas, draai glas na arm toe vir ‘n ruk en die vog sal verdwyn.
- Plaas ‘n stukkie bordkryt in jou gereedskapskis om die ergste vog op te neem.
- Gooi ´n paar ryskorrels in die soutpotjie om te verhoed dat die sout klonterig raak in klam weer.
- Gooi ‘n droë ertjie in ‘n peperpot om te voorkom dat die peper saamkleef.
- Indien warmfles lank gaan staan: Gooi ‘n paar suiker klonte in die fles om klammigheid uit te hou.

Klere

- Hou jou wit klere wit deur dit in 5 liter water en 1 koppie asyn te week.
- Om wit handsakke of skoene skoon te maak vryf jy hulle met ´n lap gedoop in Dettol.
- 1 teelepel olyfolie by wit wolgoed laat dit mooi spierwit bly.
- Om ‘n rits makliker beweegbaar te maak kan dit met kerswas, seep of potlood bo-oor gevryf word.
- Week jeans in soutwater voor jy dit was om te verhoed dat dit verbleik.
- Om muf uit klere te kry,
  - Neem verdunde water en vanielje en lê jou klere daarin. Dit het regtig die muf reuk uit die baadjiie geneem.
  - Neem ‘n halwe botteltjie vanilla essence, gooi dit in ‘n skottel met water en week die kledingstuk ‘n ruk daarin. Hang dit dan in die buitelig om droog te word.
  - Week dit in Jeyes Fluid.
  - Week net jou kledingstuk oornag in asyn , dit behoort die reuk uit te kry
- Om te voorkom dat ligte wolletjies op donker klere kom, draai die binnekant buite toe en was dan.
- Gebruik ‘n hand skeermes om wolletjies af te skeer.
- Om te voorkom dat wolklere rek in ‘n wasmasjien – gooi dit in ‘n kussingsloop en was dan.

BOERERATE & VERBRUIKERS-WENKE

- Leer baadjies - In plaas van duur olie koop om leer te voed, plaas olyfolie op watte (of sagte lap) en vee leer baadjie daarmee af.
- Plaas maklike items onder matras vir ‘n ruk om glad te druk en stoom dan.
- Indien jy ‘n romp moet ophang op ‘n gewone hanger – Knyp dit vas met 2 wasgoedpennetjies aan ‘n draadhanger.
- Draai gewone rekkies op die punte van die hanger om die lussie in posisie te hou.
- Om vismotte te beperk in jou klere kaste kan jy moesilien sakkies vol gegeurde kruie of klein sepies daarin sit – dit laat jou klere ook lekker ruik.
- Hou ‘n magneet in jou spelde blikkie om alles mooi bymekaar te hou. (Veilig indien dit sou uitval)
- Om inkvlekke uit te kry, Vryf botter op die vlek en was die kledingstuk of vryf dit skoon met ‘n lap wat in baie warm water geweek is. Jy kan ook eau-de-cologne of tandepasta gebruik.
- Teerkolle op klere kan verwyder word deur bloekomolie op die kolle te smeer en dit daarna met warm water te was.
- Lipstiffie kan verwyder word deur die kledingstuk tien minute in seepwater te week, uit te spoel en weer in seepwater te was.
- Om kreukels sonder ‘n strykyster uit jou klere te kry,
    - Hang klere op hangers in toe badkamer wat vol stoom is.
- Blink klere –
    - Stryk met ‘press’-lap natgemaak in asyn.
    - Vryf die blinkkant van klere met ‘n halwe koppie swart koffie met ‘n halwe koppie water. “Press” dan met ‘n lap.
    - Vryf dit met ‘n lap gedruk in terpentyn of wit spiritus. Die reuk gaan later weg.

Koper

- Vryf koper blink met sout en asyn/suurlemoenmengsel

Koorsblare

- Gebruik ‘n gewone vanilla essens en plaas dit met ‘n oorstokkie op die koorsblaar. (Herhaal so elke halfuur indien nodig) Die vanilla essens droog die koorsblaar op.
- Zink pilletjies (te koop by apteke) help ook.
- Gaan na jou naaste kliniek en vra dat hulle vir jou poliodruppels in jou mond drup. Een druppel behoort genoeg te wees.

Kougom

- Verwydering van kougom uit jou klere om die taai kol met grondboonbotter te smeer. Die olierigheid en so werk te mooi saam om die taaiheid uit te kry. So ‘n klein bietjie vryf en alles is uit.

Leer ("Ladder")

- Sit die pote van ‘n leer in twee skoene met rubbersole, dit sal verhoed dat die leer gly.

Matte

- Vra om die mat oop te rol en plat na te kyk indien jy wil koop. ‘n Opgerolde mat se kleur vertoon anders opgerol as plat.
- Om die matpole weer mooi te laat opstaan waar ‘n voorwerp lank gestaan het – Plaas ‘n paar lae nat lappe op die area. Hou dan ‘n warm yster bo-op sodat die stoom die pool kan laat opstaan. Kan laat op “fluff” met ‘n klein borseltjie agterna.
- Hoeke wat omkrul –
    - Maak ‘n dik stysel pasta aan en plak dit aan die rante van die mat. Stryk dan bo-oor bruinpapier met ‘n baie warm yster.
- ‘n Lopende mat –
    - Plak ingelegde vrugtebottel rubbers onderaan op hoeke van loper.
    - ‘n Badmatjie opgeknip in stokies wat vasgeplak is onder op die hoeke.
    - Werk ou matblokkies met die pool na onder op die hoeke vas.
- Stop ´n skoon vloerlap in ´n plastiek groentesakkie en was jou matte daarmee. Verwyder kolle op ´n mat met 1 deel witasyn en 3 dele water.
- Waar ink op ‘n tapyt gemors het trek jy dit dadelik op met kladpapier, vryf die kol met ‘n lap wat in gekookte melk gedoop is en vryf daarna met ‘n droë lap.
- Sodawater of wit asyn haal gewoonlik hardnekkig vlekke soos rooiwyn en bloed uit matte uit.
- Meng:
  4 eetlepels brandspiritus
  4 eetlepels wit asyn

4 eetlepels "Scrubb's Cloudy Ammonia"
1 liter warm water.
Spuit met sproeikannetjie op die kol en borsel deeglik. Gestoffeerde meubels - spuit die kussings en borsel.

Messe

- Messe van vlekvrye staal bly langer skerp.

Meubels

- Plaas ´n paar stukkies wol op die hoeke van jou besem en voorkom so dat jou meubels en vloerlyste beskadig word.
- Laaie wat sukkel om oop te maak kan bo op die laai met seep of kerswas gesmeer word.

Leersitkamerstelle

- Was leerstoele met bietjie melk – jy sal verbaas wees om te sien hoe pragtig en nut dit weer lyk.
- Was leerbanke met seep en water, vryf droog en smeer vaselien in. Laat staan 24 uur en vryf blink. Dit laat die leer langer hou.
- Gebruik een deel asyn met twee dele gekookte lyn-olie. Die mengsel moet goed geskud word. Smeer dan aan soos meubel politoer en poleer na die tyd.

Meubel politoer:

- Meng asyn en suurlemoen olie om die helfte aan en gooi in ‘n spuitbottel vir jou meubels.
- Gebruik byewas met terpentyn om jou meubels mee blink te vryf

Hout

- Om meublels te poets - neem byewas, meng met terpentyn, vryf aan die hout en poleer.
- Vernisde hout kan met koue tee skoongemaak word.
- Gebruik "ZEB" om ou vernis en aangepakte vuilheid van ou houtmeubels af te haal. Spuit aan en die vuilis borrel letterlik af. Vee dan dadelik af met lap en skoon water. Dit beskadig nie die hout nie en dring diep in al die groefies en krakies in.
- Moenie gepoleerde meubels in son laat staan nie. Son verbleik dit permanent. Gooi liewer ‘n doek bo-oor indien dit in die son moet staan.

Ivoor

- Om vuil ivoor mooi wit te maak – Laat lê in die son vir ‘n ruk.
- Laat lê in melk spoel af in seepwater.
- Spierwit ivoor kan in sterk koffie of tee gedoop word totdat kleur vir jou donkerder lyk.
- Klavier
    - Hou die klavier partykeer oop – ivoor word vinnig geel in donkerte.
    - Moenie boeke en ornamente op ‘n klavier pak nie. Dit verdof die klank.
    - Indien die sleutel plat bly as jy hom speel, is dit ‘n teken van vogtigheid binne jou klavier.

Rakke

- Ek dink dat jy die rakke gewoonweg met Handy Andy of Sunlight Liquid moet skrop om die papier te verwyder. Om die taai af te kry, en dit werk regtig, vryf die taai kolle met Brasso en dit gaan af soos jy nie kan glo nie!!
- Die gom wat op die papier is, sal heel moontlik die verf op die kas beskadig en dit sal oorgeverf moet word. Om die papier af te haal, kan jy gewone kookolie oorsmeer en laat staan vir ‘n dag of twee. Dit sal die papier laat loskom sodat jy dit kan afkrap, maar kan ook die verf beskadig.
- Gebruik gewone parrafien om die gom af te kry.
- Uit ondervinding weet ek dat dit help om Doom insekdoder op die gom te spuit. Dit neem die taai weg en jy kan dan die voorwerp afwas. Dit werk self vir botteltjies met papier op. Jy spuit dit net op die papier en alles kom los sonder dat dit taai bly.
- Trek die papier af. Koop vir jou van die vloeibare meubelpolitoer. Smeer op, los ‘n rukkie. Jy gaan nog ‘n bietjie elbow gries nodig he om dit heeltemal af te kry, maar dit is makliker.
- Neem jou haardoroër - blaas die kleefpapier warm tot dit maklik aftrek. Haal die laaste gomme met gewone badseep en warm water en bietjie "elbow-grease" af.
- Koop genoeg blikke 'Pledge-meubel politoer' spuit redelik baie oor die area en laat vir ‘n ruk. Die papier het ek dan met een van die muur messie (wat jy gebruik vir gate in die muur toe smeer) af geskrap, Op kwaai plekke sal jy dit seker so twe tot drie keer moet herhaal. Jy kan ook spitirus probeer, maar ek dink die reuk gaan jou dalk aantas!!

BOERERATE & VERBRUIKERS-WENKE

Rotangstoele

- Maak rotangstoele skoon met ´n mengsel van seep, warm water en spiritus.

Motorvoertuig

- Om stampe in motorhuis te voorkom, maak ‘n buiteband teen die muur vas.
- Om te weet waar om te stop, hang ‘n rubber balletjie met toutjie van die dak totdat jou windskerm daarteen raak.
- Indien jou motor uitermatig vuil is: Gebruik ‘n mengsel van brandspititus en water. (1 tot 8 mate water). Moenie afspoel nie – sal mooi blink daarna.

Mikrogolfoond

- Vuil mikrogolf oond - Verhit ‘n 1/2 koppie asyn in die mikrogolf (nie nodig om te kook nie). Die asyn maak al die vetterigheid los. Vee mikrogolf met sagte lap uit.

Muf

- Om te voorkom dat stortgordyne muf – Spoel dit in sterk soutwater en hang dan op.
- Koeksoda kan ook aan muf dele gevryf word om af te haal.
- Om muf uit klere te kry,
    - Neem verdunde water en vanielje en lê jou klere daarin. Dit het regtig die muf reuk uit die baadjiie geneem.
    - Neem ‘n halwe botteltjie vanilla essence, gooi dit in ‘n skottel met water en week die kledingstuk ‘n ruk daarin. Hang dit dan in die buitelig om droog te word.
    - Week dit in Jeyes Fluid.
    - Week net jou kledingstuk oornag in asyn , dit behoort die reuk uit te kry
- Skrop muwwerige panne wat roes skoon met asyn en laat droog word in die son.

Muurpapier

- Wanneer muurpapier gestoor word, laat lê horisontaal en nie regop nie. Dit knak makiliker.

Naels & naellak

- Moet nooit jou naels met ‘n skêr sny nie. Dit veroorsaak dat jou naels “split”. Fyl dit liewers met ‘n emery board.
- Om naels sterk te maak:
    - Vat ‘n pakkie gelatien, meng elke oggend ‘n teelepel vol met warm sap (enige LiquiFruit of so, want die goed is nie vreeslik lekker nie). Ek het sommer ‘n bietjie sap vir 30sek in Mikrogolf warm gemaak, dan die teelepel gelatien daarin opgelos en dit gedrink. Is aan die begin sleg maar jy raak baie gou gewoond daaraan. Ek het dan hierdie hele pakkie opgedrink - neem ‘n paar weke, en ek belowe jou, ek het vandag lang, sterk en gesonde naels. Vreemde mense het my al gevra of ek kunsnaels het, want my naels ruk somtyds "handuit" en groei vreeslik vinnig.
    - Drink elke dag gelatien (tussen 1/4 - 1 t).
    - Week naels elke aand vir 10 min in melk.
    - Voed naels met bio-oil.
    - "Slow Mag' maak naels baie sterk.
    - Kry Vital se Calmac of Dolomite pille - beide kalsium aanvullers
    - Suig drie Natura se "tissue salts no. 7" die oggend wanneer wakker word en weer drie in die aand voor slaaptyd.
    - Zinplex bevat Zink en selenium en is ook goed vir die vel en hare en immuniteit.
    - AVON se Strong Results. Dit is soos ‘n kleurlose naellak, maar dit trek in die nael in en laat glad nie ‘n blink lagie op die nael nie.
    - Om naels sterk te maak koop jy ‘n klein botteltjie "formalien" by die apteek. Haal dan alle naellak af, en gebruik sommer ‘n "earbud" wat in die formalien indip en dan smeer jy dit oor die nael. Dit maak wel die nael geel, maar dit maak dit ook baie sterk.
    - Maak nie saak hoe kort jou naels is nie, dra altyd Cutex, al is dit kleurloos, gooi 3-4 druppels (nie meer nie) Formalien (te koop by apteke - koop net so 5 ml) in die Cutex, jy sal verbaas wees hoe sterk jou naels sal word.
- Gooi ‘n paar druppels Amiel Asetaat by naellak wat taai geword het en skud goed. Dit beskadig nie jou naels nie.
- Om naellak gou te laat verhard kan jy dit in yswater dompel.
- Naellak word ook gouer droog indien jy goeie ou Spray ´n Cook daaroor spuit.
- Om naellak uit duvet oortrekstel te verwyder gebruik witdulsies of acetone (naellakverwyderaar).
- Stoor naellak in yskas om te voorkom dat dit taai word.

- Smeer ‘n bietjie petroleum jellie aan die naellak proppie om te voorkom dat naellak die proppie taai maak.

Noodhulp

- Indien jy sukkel om pleister van jou seer af te trek – Gooi ‘n bietjie baba olie op die pleister en trek dan af.

Bloeiende snywonde:

- Met ons kerkbasaar verlede jaar was ons besig om beeste af te slag toe ek my vinger ‘n diep sny toedien en hy vreeslik aan't bloeie gaan. Selfs ‘n pleistertjie kon dit nie stop nie. ‘n Ou oom sê toe ek moet peper daarop gooi, sommer so ‘n dik hoop van dit. Ek wou eers nie want ek was vrekbang dit sal brand. Uit desperaatheid doen ek dit toe maar en die resultaat: Bloeding stop onmiddellik en geen gebrand nie.

Brandwonde:

- As jy jouself gebrand het en jy het nie ‘n room/salfie daarvoor nie, gryp sommer ‘n buisie tandepaste en smeer dit aan. Dit trek die brand sommer gou uit.
- Selfs as jy ‘n brandwond opdoen en jy gooi borasic poeier daaroor, dan trek dit die vog wat die blaas vorm dadelik uit.

Rou wonde:

- My seun het sowat 4 weke gelede geval en hom ernstig beseer. Gesigwonde - redelike diep afgeskuurde vel en harsingskudding. Die dokter het antibiotiese salf voorgeskryf en na 1 dag se gebruik het hy gestaak met die aansit en oorgeslaan na ons bekende Zambuk (sambok) salf. 5 dae na die ongeluk moes hy weer gaan vir plate en die dokter was verstom om net die rooi merke op sy gesig te sien. Die dokter wou nie glo dat die gewone samboksalf die wonde so gou kon genees nie. Hy het aangedring om die buis met antibiotiese salf te sien en daarna het hy gesê dat dit verstommend is want die voorgeskrewe salf sou nie die wonde so vinnig genees het nie. Ek wil net vir die lesers sê dat die rate en ou middels nie afgeskryf moet word nie, somtyds is dit nog steeds beter as die nuwe middels.

Neus - bloei

- Blousel (ou mense het dit gebruik vir hulle wasgoed). Rasper die blokkie en vat ‘n mespunt en snuif dit in die neusgat op wat bloei. Ek rasper sommer die hele blokkie en hou dit in ‘n botteltjie in die medisynekas. Dit werk regtig. Daar gaan ‘n lang tyd verby voordat sy neus weer bloei.

Sooibrand & Maagsere

- Drink 8 glase water per dag.
- Meng ‘n botteltjie Turlington op 1 blikkie kondensmelk en vat elke oggend op jou nugtermaag ‘n teelepel vol.
- As tamatie- en uiemoes gemaak word vir braaivleis of ander geregte, gooi ‘n kwart koppie melk op die end by en roer goed. Dit voorkom sooibrand by die mans.
- Vir ‘n maagseer, sluk ‘n mespunt Samboksalf elke oggend vir tien dae lank.. Die salf is slegs plantolies, en sal jou niks anders as gesond maak nie. Indien jy ‘n probleem het met jou gewete, kan jy ou kapsules neem en leegmaak van die inhoud, en dan vul met die salf en dit so sluk. Dit laat geen slegte smaak na nie.

Spiere wat seer is

- Gooi ´n halwe koppie appelasyn in badwater.

Swelling

- Rol ‘n gholfbal onder jou voete op lang vlugte om swelling te voorkom.

Wintershande en voete

- Probeer die aloe gel en daarna die heel balm oor (as handeroom) werk uitstekend!
- Traxa - te koop by apteke - werk wondere. Hoop jy kom reg
- Emulsifying Ointment BP. Dit ruik soos kar olie en is vetterig -dit kos so tussen R 25.00 en R 30.00 n pot by die Apteek.
- Ek het ‘n ou boereraat vir jou. As dit wit geryp is in die oggend moet jou kaalvoet in die ryp gaan loop en ook jou hande op die gras vee waar dit geryp is en alles sal oor gaan, dit het gehelp vir my suster se dogter toe sy op skool was en het nog nooit weer las gehad daarvan nie.

- Meng een klein Campher Cream blikkie (die wit een) met 5 Grandpa poeiers. Smeer dit 3 keer ‘n dag aan jou hande en voete.
- Probeer gerus Miracle Comfrey. Daar is nie ‘n salf wat beter werk nie.
- Ek gebruik Circulation Formula van A. Vogel - dis homopatiese druppeltjies wat mens in water drink en dit help regtig vir my.
- My dogter van 8 jaar kry nou winters ore. Sulke knoppe op die rante van haar oor wat baie jik. My vriendin se toe ek moet spirits aansmeer, wat ek wel gedoen het. Dit is nou seker al ‘n week gelede en sy het nog nie weer gekla nie.
- Ek het ‘n vriendin wat met die probleem sukkel, sy het ‘n boereraat van haar skoonma gekry en volgens haar werk dit soos ‘n bom. Jy gaan koop lee kapsules by ‘n apteek en vul hulle met Cayenne Pepper, drink een daagliks. Hoop dit werk vir jou.
- Jong, ek het ook wintersvoete gehad. My tone was baie rooi en geswel. Iemand het vir my die raat gegee om Lennon se Witdulsies te gebruik. Jy maak wattetjie nat daarmee en smeer aan. Aanvanklik vir my was dit asof dit erger geword het die eerste paar dae wat ek dit gebruik het, maar dit is nou 7 jaar later en het nog nie weer een winter dit gehad nie. Vir my het dit gehelp. Ek dink ek het net vir so ‘n week of twee aangesmeer sommer so twee keer per dag. Wanneer jy dit aansmeer, jeuk dit vreeslik vir die eerste rukkie, maar dan kalmeer dit.
- Probeer melksalf of meng olyfolie en suiker en vryf goed in en spoel suiker af en droog liggies af en vryf die hande tot al die oilie geabsorbeer is
- "Dubbin " skoen politoer help ook vir voete.
- Meng kers was met parafin 50/50 en smeer soggens en saans aan. Dit help ook vir gebarste voete in warm weer waneer sandale gedra word
- Laat jou dokter vir jou "paroven" pille voorskryf. Dit werk.

Oond

- As jou oond nie te vuil is nie, plaas ´n bakkie met huishoudelike ammoniak in die warm oond. Laat afkoel en maak maklik skoon met wasmiddel.
- Volgende keer wanneer jou oond skoongemaak is, vryf ‘n pasta van koeksoda en water aan die binnekant van jou oond om dit volgende keer makliker skoon te vee.
- Voer jou oond uit met foelie aan die binnekant. Gooi net foelie weg indien vuil is.

Plastiektafeldoek

- ´n Bietjie gliserien in die water verhoed dat ´n plastiektafeldoek verhard wanneer jy dit was.
- Verwyder kreukels uit ‘n plastiese tafeldoek, deur ‘n dik, klam handdoek daaroor te gooi en met ‘n warm yster te stryk.

Plastiekware (Tupperware)

- Raad teen taai Tupperware, maak vee af met ‘n bietjie Brasso en was dan in lekker warm seepwater.
- Laat lê tupper-deksels in ‘n groot skottel met warm water en ‘n goeie hoeveelheid Jik/Domestos. Dit werk baie goed en alles lyk weer splinternuut en skoon..
- Spuit jou 'tupperware' gerus met Brillo of Mr Muscle oondskoonmaker en na ‘n paar minute, was jy af met lekker warm seep water, dit werk wonderlik en beskadig nie jou 'tupperware' nie.
- Om ou Tupperware/plastiek weer soos nuut te laat lyk meng Omo in koue water en los oornag, spoel dan net goed af

Porselein borde

- Beskerm jou porselein borde van happies deur met papierborde tussenin te pak of karton.

Pos van pakkies

- Maak tou nat voordat jy dit om die pakkie vasmaak. Sodra die tou droog word krimp dit en sit die tou netjies en styf.

Rekkies

- Rekkies hou langer as hulle gevries word.

Reuke

- Verwyder visreuk van eetgerei deur dit in asynwater af te spoel.
- Vryf jou hande met droë mosterd om van uie-reuk ontslae te raak.
- Om die uiereuk uit jou plastiekbakkies te kry. Plaas die houer in die son vir ‘n paar uur.
- Sprinkel sout en kaneel oor aanbrandsels op die stoof om die reuk te verwyder.

- Meng ‘n eetlepel van jou gunsteling versagmiddel met water in ‘n spuitbottel en siedaar ‘n uitstekende lugverfrisser.
- Om slegte reuke uit skottelgoedwasser te verwyder – Gooi 4 eetlepels koeksoda onder die onderste rak en sit die wasser op spoel en die masjien vars te kry.
- Strooi koeksoda in skoene wat sleg ruik – Laat oornag staan.
- Indien rubber handskoene sleg ruik van sweet – Was die handskoene binne mooi en gooi ‘n bietjie poeier in die handskoen en trek dan aan.
- Verwyder kosreuke in huis deur 1 teelepel fyn kaneel of fyn naeltjies te kook in 250ml water vir 15 minute.

- Knoffelasem kan verwyder word deur vars mint, koffie boon, pietersielie of seldery te kou.
- Verwyder reuke uit bottels deur vol te maak met ‘n mengsel van koue water en 4 telepels droë mosterd. Gooi uit na ‘n halwe dag en spoel deeglik uit.
- Gooi bleikmiddel in bottel vir ten miste 12 ure vir baie sterk reuke.
- Katsand wat ruik - Meng katsand met babapoeier.

Mikrogolfoond

- 3 dele water en 1 deel suurlemoensap of asyn in ‘n koppie kan gekook word vir tien minute op laag om hardnekkige reuke te verwyder. Vee die mikro uit met klam lap daarna.

Sigarette

- Gooi bakpoeier onder in asbakkies om stompie brandvlekke te voorkom en reuke te verminder.
- Gooi sout onder in die asbakkies. Die sout absorbeer die reuk van die sigaret as.
- ‘n Paar bakkies vol asyn in die vertrek keer ook dat die rook intrek in meubels.
- Steek ‘n paar kerse op in ‘n vertrek waar baie gerook word.

Urinereuke - Honde en katte

- Meng ‘n botteltjie vanieljegeursel met dieselfde hoeveelheid Dettol (slegs Dettol), op 750 ml water. Gooi in spuitkannetjie en spuit op aangetaste dele, vrylik op matte, banke, gordyne en selfs in die lug as lugverfrisser. Dit werk wonders en ruik heerlik skoon en vars. En dit neutraliseer die reuk geheel en al.
- Om reuke van kat- en hondepiepie uit jou matte te kry -
  Kook saam:
  1 kg. Surf
  750 ml. Spirits
  2 botteltjies bloekomolie
  5 liter water
  Gebruik soos matsjampoe in jou matwasser en verdun voor gebruik.

Verf

- Om die sterk verf reuk uit ‘n vertrek te verwyder, plaas ‘n skottel met skoon water in die vertrek en die verf trek in die water in.
- Ammoniak in water trek ook die reuk uit in die vertrek.
- Gooi ‘n botteltjie vanilla geursel in ‘n bakkie of in ‘n piering en plaas in vertrek waar die verf reuk is. Dit sal sommer gou die reuk verwyder.

Yskasreuke

- Om stank te verdryf uit ‘n vrieskas ens. Was goed met se maar Handy Andy of so iets en Plaas ‘n paar Swembad- Chloor-balletjis in ‘n oop houer in die kas en maak die deur toe.
- Om reuke in yskas te verdryf plaas ‘n deurgesnyde pynappel daarin.
- Neem ‘n halwe suurlemoen en skep van die binneste deel uit met ‘n lepel. Daar moet bietjie suurlemoen agterbly. Vul met sout en plaas in ‘n bakkie agter in die vrieshokkie/yskas.
- Sit ‘n strukkie steenkool of ‘n paar houtskoolblokkies in die yskas.
- Twee snye swart geroosterde brood as jy nie steenkool het nie.
- Plaas ‘n ou spesery botteltjie (oop) gevul met vanilla essence in yskas.

Vullisdromme

- Gooi ys in houer gedoop in skuurpoeier en skud dit in die houer rond. Gooi dan ‘n paar suurlemoen of lemoenskille in om reuke te verwyder.

<u>Roes</u>

- Maak die spykers rooiwarm en gooi hulle dan in lynolie. Dit maak die spykers roesbestand en voorkom dat die pleister uitruk as jy die spyker wil uittrek.

- Wanneer jy sukkel om ‘n geroeste skroef los te draai, gooi Coke op ‘n lappie en hou die lappie teen die skroef vir ‘n paar minute.
- Laat lê jou geroeste items in Coke vir ‘n paar minute en was dan af.
- Gebruik gelyke dele kremetart en sout om roesvlekke of kolle uit te haal.
- Plaas ‘n stukkie bordkryt in jou gereedskapskis om die ergste vog op te neem.
- Skrop muwwerige panne wat roes skoon met asyn en laat droog word in die son.
- Klein geroeste artikels kan ´n paar dae in asyn gelê word om die roes te verwyder.
- Gebruik ´n mengsel van peroksied en Engelse sout vir roes aan ´n emaljebad.
- Wynsteensuur of ´n Mengsel van lemoensap en sout sal roes uit linne haal.
- ´n Geroeste skroef kan uitgedraai wors deur ´n stuk yster rooiwarm te maak en dit op die kop van die skroef te hou net voor jy dit probeer uitdraai.
- Druk ‘n suurlemoen met skil en al pap op die roesmerke in ‘n bad en laat dit so lank as moontlik aan.
- Indien jy sukkel om jou sleutel in ‘n slot te draai – smeer ‘n bietjie petroleum jellie “vaseline” aan en draai die sleutel dan weer.
- Driepoot potjies:
  Skuur potjie mooi skoon – sit in son of baie warm plek om droog te word en plaas koerantpapier binne-in om roes te voorkom.
- Tuingereedskap:
  Skuur met staalwol gedoop in terpentyn.
- Skuur metaal met ‘n kurkprop gedoop in olyfolie.
- Skuur ‘n halwe rou ui oor die geroeste deel.
- Bakpanne wat geroes het - smeer met ‘n halwe aartappel wat in Vim gedruk is. Spoel af en plaas weer in matige oond om goed te droog.

Skaniere

- Spuit insekdoder aan krakerige skaniere as jy nie olie het nie.
- Smeer seep aan skaniere wat kraak.

Skêre

- Knip fyn skuurpapier of “emery board” met stomp skêr om skerp te maak.

Skoene

- Koop altyd jou skoene in die middag. Jou voete is dan normale grote (klaar geswel) Indien jy skoene in die oggende koop kan dit jou in die middag knyp.
- Strooi koeksoda in skoene wat sleg ruik – Laat oornag staan.
- Indien jou skoen druk week jy ´n spons in warm water en hou dit vir ´n paar minute op die plek. Trek dan die skoen uit en vryf dit aan die binnekant op die plek met ´n ou tandeborsel of iets anders met ´n stomp punt.
- Leerskoene kan met baie warm kraanwater natgemaak word. Trek dun sokkies aan om voete te beskerm. Trek dan die warm nat skoene aan en loop met dit tot dit droog is. Die skoene het dan na jou voete gevorm
- Nat leer skoene moet nie drooggemaak word voor ‘n te warm vuur nie. Dit word te vinnig droog en kan dan kraak. Stop nat skoene altyd op met koerant om vorm te behou.
- ´n Paar druppels asyn by skoenpolitoer wat hard geword het maak dit weer sag.
- Deur tennisskoene se witsel met melk i.p.v. water aan te smeer, verhoed dat die witsel sal afgee.
- Hou sokkies in pare deur hulle met hakspelde aan mekaar vas te maak en dan in die wasmasjien te gooi. Dit bespaar baie tyd en veral as die gesin groot is.
- Neem bywas, sny dit fyn en maak dit warm om te smelt. Haal dit dan van die vuur af en roer terpentyn in. Roer dit goed en bêre dit in ‘n blik. Vryf die skoene daarmee en vryf weer af met ‘n skoon flennielap.

Skottelgoed

- ‘n Wenk vir almal wat so lui is om laatnag skottelgoed te was. Spuit ‘n oplossing skottelgoedseep en water op die stoof, potte en ander skottelgoed. (Laat die eetgerei in ‘n roomysbak met water week). Die volgende oggend vee jy net die stoofoppervlak af, en potte en ander skottelgoed is sag en reg vir die was.
- Skottelgoedseep - Gebruik die plastiek tipe tweeliter koeldrankbottels. Gooi twee bottels koue water (dus 4 liter water) in ‘n kastrol. (Groot genoeg om sowat 11 liter vloeistof te kan neem) Plaas die kastrol op ‘n stoofplaat wat op die hoogste hittegraad aangeskakel is.
  Terwyl die water stadig warm word gooi die volgende in die kastrol:
  2 Bottels Anti Bacterial Dishwashing Liquid (1,5 liter elk) of enige ander tipe vloeibare skottelgoedseep.

1 Kg Waspoeier. Die goedkoopste wat jy in die hande kan kry. Op die stadium koop ek Daisy High Foam. Die tipe waspoeier wat jy vir outomatiese wasmasjiene koop is nie so geskik nie omrede dit minder skuim en ook duurder is.
Ek gebruik 'n houtlepel om die mengsel stadig deur te roer.
Hierna gooi ek nog twee, tweeliter bottels warm kraanwater by die mengsel (dus nog 4 liter warm water).
Roer die mengsel steeds stadig deur. Hierna kom die laaste twee bestanddele by:
1 Groot opskeplepel Glycerine en 4 groot opskeplepels Spirits (Blou pers menthylated spirits)
Roer alles goed deur. Wanneer die water amper kookpunt bereik, haal die mengsel van die stoofplaat af en laat dit heeltemal afkoel. Gooi daarna oor in bottels vir verdere gebruik.
Dit lewer sowat 11 liter skottelgoedseep.

Skroefdoppe

- Trek ´n Rubberhandskoen aan om ´n skroefdop makliker oop te draai.

Slotte

- Indien jy sukkel om jou sleutel in 'n slot te draai – smeer 'n bietjie petroleum jellie "vaseline" aan en draai die sleutel dan weer.

Stoof

- Maak jou stoof skoon met 'n mengsel van sout en asyn.

Spieëls

- Maak ´n ou kous klam met 25ml asyn en 20ml lou water en vryf spieëls blink daarmee.
- Spieëls wat opstoom in die badkamer - smeel gliserien aan en vryf op

Spykers

- Spykers wat jy in 'n muur wil inslaan moet liefs van gegote yster wees.
- Maak die spykers rooiwarm en gooi hulle dan in lynolie. Dit maak die spykers roesbestand en voorkom dat die pleister uitruk as jy die spyker wil uittrek.
- Indien jy kort klein spykertjies moet inslaan teen 'n muur – plak met "press stick" vas en slaan dan in.
- Om te voorkom dat die pleister breek terwyl spykers ingeslaan word – plak kleefpapier op oppervlakte waar spyker ingeslaan moet word en slaan dan in.

Teëls

- Om teëls in die kombuis of badkamer mooi te laat blink, gooi 'n bietjie paraffien by die water waarmee hulle afgewas word.
- Muurteels wat die 'grout' lelik geword het. Verf die 'grout' met gekose kleur Akriliese verf. Jy mag maar die teël ook raak verf. Laat staan vir 15-20 min en was die verf van die teëls af met warm water. Nuwe muur- of vloerteëls kan so geverf word en dit sal vir jare mooi bly.
- Indien jy sukkel om 'n gat te boor in keramiek teëls (wat gly) kan jy kleefband op die teël plak en dan bo-oor boor.

Troeteldiere

- Was jou troeteldiere twee tot drie keer met water waarin aartappels gekook is. Dit hou die insekte weg van hulle.
- Om vlooie uit matte te hou, strooi Karbadust op die matte en laat dit vir 'n ruk voordat die matte gesuig word. Dit is veilig om ook die troeteldiere daarmee te poeier.
- Om vlooie weg te hou, was honde met Sunlightseep in water waarin 2 proppies Dettol opgelos is. Spoel ook af met Dettolwater.
- Maak Chlorphyriphos sterk in 'n spuitkan aan en spuit orals. Dit help om vlooi-eiers wat die honde inbring van ontslae te raak.
- Hou ongewenste katte uit die tuin deur peper te sprinkel op die plekke waar jy hulle spore vind.
- Gebruik sellotape om troeteldier hare van klere af te haal.
- Om vir 'n dier 'n pil te gee, maak die pil fyn tussen twee teelepels sodat dit poeier is. Dwing die bek(kie) oop en gooi die poeier op die tong. Daar is nie 'n manier dat hy nie die pil inkry nie! Hy mag vir jou baie vies wees, maar sy medisyne is in!
- Leer honde om net een deel van die tuin te bemors - Tel die honde bolle met 'n graaf op en (in plaas van dit in die vullis gooi), gooi dit in die verste hoek van die tuin. Die hond leer naderhand om sy ding net in die hoek van die tuin te doen, waarna jy dan net 1 kol in die tuin het om skoon te maak.

BOERERATE & VERBRUIKERS-WENKE

Veiligheid - algemeen

- Wanneer jy ‘n hysbak gebruik kyk altyd eers wie is binne en of hulle dalk verdag lyk, staan naby die knoppies sodat jy alarm kan maak as jy ‘n probleem kry.
- As jy in die bank was en jy moes heelwat geld trek – bêre dit op so manier dat die mense wat in die toue staan jou nie sien nie.
- Vra hulp as jy in gevaar verkeer en wag dat hulp opdaag.
- Wees altyd op die uitkyk vir gevaar – daar is misdadigers om elke hoek en draai.
- Hou ‘n lysie met noodnommers altyd naby die foon sodat jy dit kan gebruik in ‘n noodgeval.

Supermarkveiligheid

- Moet nooit jou handsak of ander items in die trollie los nie al is dit onder ander goed.
- Moet nooit jou handsak of beursie op die toonbank plaas en wegbeweeg nie – nie eers rondkyk nie –dit neem misdadigers net 1 sekond om jou beursie te neem.
- Moet nooit jou beursie op ‘n sigbare plek dra soos in jou agtersak of kantsak nie.
- Hou jou handsak stewig vas teen jou lyf.

Straatveiligheid:

- Indien moontlik moenie alleen loop nie.
- Moet nooit in ‘n verlate plek of donker gebied loop nie.
- Sorg dat jy nooit nodig het om laat in die aand rond te loop of huis toe te loop nie.
- Hou jou handsak naby jou liggaam.
- Wanneer jy uitgaan los jou kosbare besittings by die huis.
- Hou jou kleingeld en jou krediet kaarte op twee verskillende plekke.
- Moenie mislei word deur vreemdeling wat jy die geleentheid gee om ekstra geld te wen nie.
- As jy op straat beroof word – gee jou samewerking en bly kalm. Deur terug te veg kan jy dalk beseer word. Wees oplettend sodat jy vir die polisie soveel as moontlik inligting kan gee.

Vervoerveiligheid:

- Maak seker dat jou motor meganies in goeie orde is en dat die kanse om te gaan staan nie so goed is nie.
- Moenie pakkies of jou handsak op enige sitplek laat lê nie – sluit dit in die kattebak toe.
- Hou jou deure ten all tye gesluit en die vensters toe wanneer jy ry.
- Parkeer jou motor altyd in ‘n verligte area as jy nie ‘n motorhuis het nie.
- Moet nooit rylopers oplaai nie.
- Wees op jou hoede vir vreemdelinge wat jou motor by verkeersligte nader.
- As jy agtervolg word – ry tot by jou naaste polisiestasie.
- Indien jy deur enige persoon bedreig word druk jou hoeter aanhoudend.
- Vermy dit om op verlate terminale te wag – wag eerder in ‘n goed verligte plek tot jou bus of trein opdaag.
- Staan naby ander mense wat ook wag vir dieselfde vervoer.
- Hou jou handsak of ander waardevolle artikels styf vas en op jou skoot.
- As die bus leeg is sit so naby as moontlik aan die bestuurder.
- As iemand jou lastig val roep onmiddelik om hulp.
- Wanneer jy jou bestemming bereik let op wie saam met jou afklim en loop gou huistoe.

Vensters

- Was die voorruit af met water en dan maar ‘n bietjie seep, sommer skottelgoedwasmiddel. Spoel af en vryf dit droog met ‘n stuk opgevrommelde koerantpapier.
- Was vetterige voorruit met Coke. Coke bevat Fosforsuur. Die suur breek die vet af. Was dan die ruit na die soos gewoonlik.
- Meng een deel parafien een deel brandspiritus en een deel water. Spuit op die vensters was en laat dit self droog word. As dit egter waterstrepe maak poleer met ou koerantpapier.
- Gebruik ou T-hemde om ruite mee skoon te maak. Die materiaal vorm nie wolletjies nie.
- Voeg twee eetlepels asyn by die water vir silwerskoon vensters.

Verf

- Voer jou verfpan vooraf uit met kleefplastiek. As jy die plastiek uithaal is jou bak skoon.
- Borsels en rollers: As ‘n mens ‘n paar dae se geverf het om te doen, en wil nie elke dag die verf borsels of rollers was nie, draai dit in Gladwrap toe en bere in die vrieskas.. Ontvries so 1/2 uur voor jy weer begin verf en alles is as of jy nou net opgehou verf het
- ´n Verfkwas met harde hare kan ½ uur lank geprut word in kokende asyn en agterna gewas word met skottelgoedwasmiddel.

- Om verf te verwyder: Meng 1 pond wassoda, 2 onse kalk en 8 koppies kookwater. Smeer dit so warm oor die verf.
- Verfkolle: Verfkolle op vensters kan verwyder word met asyn.
- Verfspatsels: Voorkom verfspatsels teen vensterruite wanneer jy verf deur nat koerantpapier teen die ruite vas te druk. Die koerant kleef lank genoeg en word maklik verwyder.
- Om vars gegalvaniseerde sink of geute te verf, was dit eers met blouviterjoel of kopersulfaatoplossing.. (verkrygbaar by apteke) dit maak die sink swart. Was goed af met water en verf wanneer baie warm en baie droog (die kwas moet amper vaskleef so warm moet die sink wees). Jy het dan geen onderlaag nodig nie en dit dop nie af nie.
- Verf ‘n geriffelde dak met ‘n besem; dit help dat jou rug nie moeg word nie!
- Kies altyd ‘n kleur skakering ligter as die kleur wat jy graag wil hê. Verf is altyd donkerder sodra muur geverf is.
- Om die sterk verf reuk uit ‘n vertrek te verwyder, plaas ‘n skottel met skoon water in die vertrek en die verf trek in die water in.
- Ammoniak in water trek ook die reuk uit in die vertrek.
- Gooi ‘n botteltjie vanilla geursel in ‘n bakkie of in ‘n piering en plaas in vertrek waar die verf reuk is. Dit sal sommer gou die reuk verwyder.
- Sny ‘n papierbord se binneste deel uit en plaas bord randjie op blik om te verhoed dat verf op die blik drup.
- Nat verfkwaste kan in ‘n plastiek sakkie gebêre word in ‘n vrieskas tot jy weer wil verf. Skoongemaakte kwaste kan in warm asyn gespoel word voordat jy begin verf.
- Indien jy sukkel om kunstenaars verf in die buisie oop te kry – Hou ‘n vuurhoutjie vir ‘n rukkie onder die prop.

Vinke

- Los aluin kristalle op en spuit dit op die palmboom se blare.

Vlekke

- Verwyder altyd ‘n vlek van die randjie na binne om ‘n te voorkom dat dit vloei.

Baddens

- Vryf skoon met suurlemoensap en sout pasta.
- Skuur met ou tandeborsel gedoop in wynsteensuur en peroxide mengsel.
- Gooi skoon swembadchloor pasta bo op en laat staan vir ‘n paar minute.
- Was met skoon Paraffien.

Beet

- Op ‘n mat kan dit verwyder word deur gliserien met ‘n spons in te vryf en dit dan met warm seepwater te was.
- As dit op ‘n kledingstuk is, gooi ‘n bietjie melk op die vlek en laat week in koue soutwater. Was dan in warm seepwater.

Bier

- Biervlekke kan uit ´n mat verwyder word deur dit met witasyn te vryf.

Bloed

- Week in koue water indien moontlik voordat die bloed droog is - en was daarna met seep in koue water.
- As die bloed reeds droog is, week in koue soutwater (een eetlepel sout per liter water).
- Mielieblom kan bloedvlekke verwyder. Spoel die vlek in koue water, vryf dan klam mielieblom in. Plaas die item in die son.
- Sodawater of wit asyn haal gewoonlik bloed vlekke uit matte uit.

Braaipan

- ´n Elektriese braaipan kan met foelie uitgevoer word om dit vlekloos te hou.

Brasso

- Op muurpapier kan dit verwyder word deur witbrood liggies oor die vlek te vryf.
- Op ‘n mat moet dit eers droog word en kan daarna afgeborsel word.

BOERERATE & VERBRUIKERS-WENKE

Gras

- Indien die wit rugbybroekies groen merke op kry van die gras wanneer daar gespeel word. Spuit "windolene" daarop en vryf die broekie. Was dan soos gewoonlik en die groen merke sal weg wees.

Ink

- Strooi dadelik sout oor ink wat op wit materiaal gemors is vryf met ‘n suurlemoen daaroor. Spoel die materiaal dan dadelik af en was soos gewoonlik.
- Gebruik brandspiritus, alkohol of haarspoei om Balpunt pen ink-kol te verwyder. - Sit die gevlekte materiaal op ‘n droë stuk watte. Deurweek nog ‘n stuk watte met brandspiritus of bensien en dep dit aan die vlek. Herhaal met ‘n skoon stukkie watte tot die vlek uit is. Spuit haarsproei aan die vlek en dep met skoon stukkies watte.
- Om ink van ‘n balpuntpen uit klere te haal: Drup Lennons Witdulsies op die merk en was soos gewoonlik
- Gebruik naellakverwyderaar om viltpenmerke van jou vel te verwyder.
- Vryf botter op die vlek en was die kledingstuk of vryf dit skoon met ‘n lap wat in baie warm water geweek is. Jy kan ook eau-de-cologne of tandepasta gebruik.
- Ink uit tapyte te haal. - Neem karringmelk en ‘n skoon lap. Gooi karringmelk op die ink en druk op met die lap totdat die ink uit is. Was dan die plek met warm water en ammoniak.
- Merkersink - Ink waarmee goedere gemerk is kan afgehaal word deur dit met ‘n papierhandoek wat in alkohol gedoop is te vryf

Klere

- Kry vir jou ‘n koekie Sunlight seep. Maak die klere nat en smeer hulle behoorlik met sunlight seep. Jy moet smeer en smeer totdat die wit skuimbolle verskyn. Laat lê dit so nat vir 2 of drie dae. (Moenie weer water bytap nie - die seep kan maar so droog word in die klere). Was dit dan normaalweg.
- Week dit in Sterri Nappi oornag. Dit was katoene, wolle, ens. en dit het niks skade aan die klere aangebring nie, maar die klere is so wit soos kan kom.
- Bêre al jou wit goed in blou plastiese sakke. Weet nie hoekom nie, maar dit keer dat die klere nie geel word nie.
- Blousel - dit kry in meeste supermarkte. Laat dit 'soak' - wees net versigtig want as dit nie mooi opgelos het nie maak dit bou kolletjies op jou klere.

Kraag

- Maak ´n pasta van asyn en koeksoda en vryf dit aan die kraag.

Kryt

- Krytmerke op mure en klere - borsel met tandepasta op ou tandeborsel

Koper

- Gooi ‘n pakkie wynsteensuur en Sunlight-skottelgoedseep in ‘n emmer met warm water. Week die koper daarin vir ‘n paar uur. Haal uit en vryf droog. Die oplossing dring in al die hoekies en gleufies in en laat die koper pragtig nuut lyk!
- Koperware kan pragtige blink gemaak word as dit nou en dan met sout en asyn afgevryf word.

Koppies

- Week jou koffiebekers oornag in ´n bleikmiddel om van vlekke ontslae te raak.
- Week die vlek in in eetlepel sout en een koppie water. Nat sout verwyder die vlekke van koppies en pierings. Vlugsout haal vetvlekke uit.

Kougom

- Vryf ‘n ysblokkie daaroor sodat dit kan hard word en trek af. As dit ‘n vlek los, druk ‘n bietjie bloekomolie of terpentyn op. Dis geskik vir vloere, matte, teels en materiaal.
- Verwyder kougom uit jou klere om die taai kol met grondboonbotter te smeer. Die olierigheid en so werk te mooi saam om die taaiheid uit te kry. So ‘n klein bietjie vryf en alles is uit.

Linne

- Warm seepwater is die beste raad vir vlekke op tafellinne.
- Om linnegoed wit te maak. Sny ‘n dik skyf van ‘n skoongemaakte suurlemoen. Sit dit saam met die linne in ‘n pot as dit gekook word. Die suurlemoen neem al die vlekke uit die linne uit en maak dit mooi wit.

BOERERATE & VERBRUIKERS-WENKE

Lipstiffie

- Lipstiffie kan verwyder word deur die kledingstuk tien minute in seepwater te week, uit te spoel en weer in seepwater te was.
- Verwyder lipstiffiemerke van jou klere met bloekomolie.

Marmervlekke

- Om vlekke uit marmer te haal strooi jy fyn boraks op. Was na ´n paar minute dit af met warm water.

Matte

- Stop ´n skoon vloerlap in ´n plastiek groentesakkie en was jou matte daarmee. Verwyder kolle op ´n mat met 1 deel witasyn en 3 dele water.
- Waar ink op 'n tapyt gemors het trek jy dit dadelik op met kladpapier, vryf die kol met 'n lap wat in gekookte melk gedoop is en vryf daarna met 'n droë lap.
- Sodawater of wit asyn haal gewoonlik hardnekkig vlekke soos rooiwyn en bloed uit matte uit.
- Meng:
  4 eetlepels brandspiritus
  4 eetlepels wit asyn
  4 eetlepels "Scrubb's Cloudy Ammonia"
  1 liter warm water.
  Spuit met sproeikannetjie op die kol en borsel deeglik. Gestoffeerde meubels - spuit die kussings en borsel.

Olie & Vetkolle

- Oliebottels kan maklik skoongemaak word deur 'n bietjie koffiemoer in die bottels te gooi en goed te skud. Was daarna uit met skoon water.
- Gooi babapoeier op vetkolle in kledingstukke voor jy dit was.
- Vryf olie- en vetvlekke op klere met bensien. Was dan soos gewoonlik en hang op om droog te word.
- Om kerswas van materiaal te verwyder Plaas 'n stuk koerantpapier bo-oor die materiaal en stryk met 'n lou yster. Die was sal dan in die papier in trek en die materiaal sal weer skoon wees.
- Om vetkolle van klere te verwyder, spuit gewone Doom op die kol en vryf die kol en spoel uit.
- Indien daar olie op die plaveisel of motorhuisvloer gedrup het, kan dit skoongemaak word deur gewone sement op die olie te gooi. Die sement sal die olie absorbeer en kan na 'n dag of wat met 'n besem weggevee word.
- Om vet kolle van klere te verwyder is om 'n blikkie Coke op die klere te gooi. Was dan die klere soos normaal. Die Coke sal help om die vetkolle op te breek en te verwyder.

Plafonne

- Vir kwaai waterlekke wat die plafonne bruin vlek: Verf wit padverf daarop. Die bruin vlekke sal nie weer deurslaan nie.
- Plafonne wat klein merkies of vlekke op het, kan weer nuut lyk as dit met wit skoenpolitoer behandel word.

Roes

- Vryf 'n bietjie Wynsteensuur saam met water op die vlek.

Sigarette

- Verwyder nikotienvlekke van jou hande met suurlemoensap.
- Gooi bakpoeier onder in asbakkies om stompie brandvlekke te voorkom en reuke te verminder.

Strykyster

- Verwyder stysel wat vasgebrand het aan 'n yster deur tafelsout op bruinpapier te gooi en die yster daaroor te vryf.
- Vryf 'n halwe suurlemoen gedoop in sout oor die yster se boom.

Tee

- Maak ´n mengsel van gliserien en die geel van ´n eier. Wend aan en laat droog word. Was in koue water.

Teer

- Haal teer op motors af met Paraffien.
- Om teermerke van jou motor af te kry, vryf die merk op met gewone botter of margarien aan 'n lap.

- Teerkolle op klere kan verwyder word deur bloekomolie op die kolle te smeer en dit daarna met warm water te was.

Toilet

- Om hardnekkige water vlekke in bak uit te kry kan 3 koppies asyn ingegooi word en gelaat word vir ‘n paar uur. Borsel en spoel.
- Om ‘n gevlekte toilet skoon te maak is swembadsuur of chloor in toilet gegooi word en gelaat vir ‘n ruk. Skrop en spoel.
- Gooi ‘n blikkie Coke in die toilet en laat staan vir ‘n uur. Spoel die toilet en jy sit met ‘n sprankel skoon toilet.

Vlekvryestaal

- Om messegoed van vlekvryestaal skoon te kry, maak die opwasbak in jou kombuis halfvol water, voeg ‘n halwe koppie huishoudelike bleikmeiddel daarin en week die messegoed ‘n halfuur lank. Spoel deeglik af en vryf droog.

Vrugtevlekke

- Vrugtevlekke moet net met kookwater afgespoel word en dan moet die materiaal in die son drooggemaak word.
- Om vrugtevlekke uit te haal. Sprei die stuk oor ‘n kom, gooi kookwater tweemaal daarop, en droog dit in die son. Moenie seep gebruik nie.

Water

- Indien jy hardnekkige watervlekke in ‘n beker of houer het – Vul houer met asyn en laat staan ‘n paar uur en verwyder dan met ‘n skuursponsie. (Asyn kan oor en oor gebrik word vir die doel)
- Maak ‘n gevlekte warmfles skoon met 3 eetlepels koeksoda gevul met kookwater. Laat vir 15 minute, spoel en laat om droog te word.
- Om hardnekkige koffie reuke en vlekke in warmfles te verwyder, gooi een koppie kookwater met een eetlepel rou rys in. Skud die bottel vir ‘n paar minute, spoel uit en laat om droog te word.

Wyn

- Gooi dadelik sout op die vlek of gooi witwyn oor die vlek.
- Sodawater of wit asyn haal gewoonlik hardnekkig vlekke soos rooiwyn uit matte uit.

Vrieskaste

- Wanneer vrieskas ontdooi, vryf ‘n bietjie glyserine aan die binnekant van kas. Sal volgende keer makliker ontdooi.
- Sproei ‘n bietjie spray & cook aan die binnekant nadat ontdooi is.
- Moenie pakkies onmiddelik in vrieskas pak sodra ontdooi is nie. Maak vrieskas toe en pak eers die voedsel na ‘n halfuur terug om te voorkom dat dit vassit aan die kante.
- Om stank te verdryf uit ‘n vrieskas ens. Was goed met se maar Handy Andy of so iets en Plaas ‘n paar Swembad- Chloor-balletjis in ‘n oop houer in die kas en maak die deur toe.
- Om reuke in yskas te verdryf plaas ‘n deurgesnyde pynappel daarin.
- Neem ‘n halwe suurlemoen en skep van die binneste deel uit met ‘n lepel. Daar moet bietjie suurlemoen agterbly. Vul met sout en plaas in ‘n bakkie agter in die vrieshokkie/yskas.
- Sit ‘n strukkie steenkool of ‘n paar houtskoolblokkies in die yskas.
- Twee snye swart geroosterde brood as jy nie steenkool het nie.

Vullisblik

- Sit bietjie katsand onder in jou vullisblik as dit ruik. Vervang wanneer klam.
- Hou die vullisblik higiënies deur kalk en amoniak op die bodem te gooi of Spuit ´n mengsel van Jeyes Fluid en water op jou vullisdrom om te sorg dat diere dit uitlos.
- Gooi ys in houer gedoop in skuurpoeier en skud dit in die houer rond. Gooi dan ‘n paar suurlemoen of lemoenskille in om reuke te verwyder.
- Gooi ‘n bietjie kookwater binne-in plastiekbottels sodat bottel sag word. Druk dan plat en gooi in asblik.

Vuurmaak

- Gebruik leë melkkartonne om vuur te maak – die lagie waarmee hulle buite behandel is maak dat hulle lank brand.
- Gebruik ongebruikte sanitêre doekies om vuur aan te steek.
- Indien jy papier brand moenie gekleurde tydskrifte gebruik nie, dit laat lood gasse agter.

- Rol koerantpapier in ‘n dun rolletjie. Knak in die middel en steek vuur dan aan.
- Vuurhoutjies wat nat is kan die punt in naellak gedruk word en onmiddellik aangesteek word terwyl dit nog nat is.

Warmwatersak

- ‘n Warmwatersak kan gevul word met kookwater deurdat dit plat op die tafel lê hou die nek skuins en gooi dan die water in. Gooi 1 teelepel sout by om water langer warm te hou.

Warmfles

- Maak ‘n gevlekte warmfles skoon met 3 eetlepels koeksoda gevul met kookwater. Laat vir 15 minute, spoel en laat om droog te word.
- Om hardnekkige koffie reuke en vlekke in warmfles te verwyder, gooi een koppie kookwater met een eetlepel rou rys in. Skud die bottel vir ‘n paar minute, spoel uit en laat om droog te word.
- Indien warmfles lank gaan staan: Gooi ‘n paar suiker klonte in die fles om klammigheid uit te hou.

Watte

- Om watte te vermeerder, rol die watte af (dit word normaalweg in ‘n rol verkoop), en sit stuk vir stuk in ‘n 100grade Celsuis oond vir plus minus ‘n halfuur. Die watte sal 2 - 3 maal sy grootte uitpof, en siedaar, maak baie van min!

Wyn

- Maak vonkelwyn oop net voordat jy dit bedien om te voorkom dat dit verslaan.
- As jy dit per ongeluk te laat gedoen het – laat sak ‘n metal teelepel met sy steel daarin – dit sal die gas inhou vir solank as 2 dae.
- As jy wit wyn bedien – maak ten minste ‘n uur voor bediening oop plaas die kurk liggies terug en verkoel in die yskas.
- Maak ‘n bottel rooiwyn so uur of twee voor bediening oop sodat dit eers kan asemhaal.
- Ruik aan die kurk – dit moet soos die wyn ryk anders het dit ‘n slegte smaak en is dalk bederf.
- Vee die bek van enige bottel eers mooi af voordat daar geskink word.
- Steek ‘n skerppunt mes in die kurk as hy per ongeluk afgebreek het – as die kurk in die bottel val gooi die wyn eers deur ‘n siffie sodat al die stukkies kurk kan afgaan.
- Indien ‘n kurkprop nie wil pas in die bottel nie – plaas is kookwater tot sag en probeer weer.
- Moenie die oorskiet wyn wat oorbly weggooi nie. Vries dit in blokkies en gebruik in disse en souse.

Waar kom die wenke vandaan?

- http://www.agieinfo.co.za/wenke.htm
- http://www.egafrikaans.co.za/wenkeblad/
- http://funkymunky.co.za/tuis.html